

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Khumalo en Andere (655/89)
[1991] ZASCA 70; 1991 (4) SA 310 (AD);
[1991] 2 All SA 341 (A) (29 May 1991)
[1991] ZASCA 70

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

E M Grosskopf, Smalberger, Nienaber

CASE / FILE NUMBER

655/89

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

655/89 N V H

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

KENNETH KHUMALO Eerste Appellant
ERIC TROS GUBULA Tweede Appellant
ABEL KUTU Derde Appellant
DAVID LEKHANYANE Vierde Appellant
MYNER GUDLANI BOVU Vyfde Appellant

ZUKO XABENDLINI Sesde Appellant
ANDREW LEKHANYANE Sewende Appellant
ELISHA MATSHOBA Agste Appellant
JUSTICE BEKEBEKE Negende Appellant

ZONGA MOKGATLE Tiende Appellant

RONNIE ZENZILE MASIZA Elfde Appellant

WELLINGTON SEQWELO MASIZA Twaalfde Appellant
BARRY BEKEBEKE Dertiende Appellant

SCALO BOY JAFTA Veertiende Appellant
XOLISWA DUBE Vyftiende Appellant
ELIZABETH BOSTAANDER Sestiende Appellant

EVELINA DE BRUIN Sewentiende Appellant

GIDEON MADLONGOLWANE Agtiende Appellant

ZOLILE YONA Negentiende Appellant

ALBERT TYWILLI Twintigste Appellant

JEPFREY SEKIYA Een-en-Twintigste Appellant

SAREL JACOBS Twee-en-Twintigste Appellant

ROY SWARTBOOI Drie-en-Twintigste Appellant

NEVILLE WITBOOI Vier-en-Twintigste Appellant

IVAN KAZI Vyf-en-Twintigste Appellant

en

DIE STAAT Respondent

/2

2

CORAM: E M GROSSKOPF, SMALBERGER, et

NIENABER, ARRVERHOORDATUM: 6 - 8 MEI 1991 LEWERINGSDATUM: 29 MEI 1991

UITSPRAAK E M GROSSKOPF, SMALBERGER, et NIENABER, ARR :-

Voortspruitend uit die dood van Lucas Tshenolo Sethwala ("die oorledene") op 13 November 1985 in Paballelowoonbuurt naby Uppington, het 26 beskuldigdes (onder wie die appellante) voor BASSON R, en twee assessore in die Noord-Kaapse Provinsiale Afdeling (Oranje Plaaslike Afdeling) te Uppington tereggestaan op 'n aanklag van moord, alternatiewelik, openbare geweld. Die verhoor wat lank en uitgerek was, het op 13 Oktober 1986 'n aanvang geneem. In Julie 1987 is een van die assessore oorlede, en die

/3

3 verhoor is voor die oorblywende lede van die hof voortgesit. Op 27 April 1988 is al die beskuldigdes aan moord skuldig bevind met die uitsondering van beskuldigde 7. Hy is aan poging tot moord skuldig bevind. Daarna is die saak vir 'n geruime tyd uitgestel. Die verrigtinge het weer op 6 Februarie 1989 hervat. Vanaf daardie datum tot 15 Maart 1989 is getuienis met betrekking tot die aanwesigheid al dan nie van versagtende omstandighede deur beide die verdediging en die Staat aan die verhoorhof voorgelê. Die verhoorhof se uitspraak ten opsigte van versagtende omstandighede is op 23 tot 25 Mei 1989 gelewer. In die geval van veertien beskuldigdes (beskuldigdes 1, 2,

4, 5, 6, 8, 10, 11, 13, 15, 18, 19, 20 en , 21) is geen versagtende omstandighede bevind nie, en hulle is gevolglik ter dood veroordeel. Na die aanhoor van verdere getuienis met betrekking tot vonnis is die

/4

4 oorblywende beskuldigdes as volg gevonniss:

- a) Beskuldigdes 7 en 9 - elk agt jaar gevangenisstraf;
- b) Beskuldigdes 3, 12, 22 en 23 - elk ses jaar gevangenisstraf;

- c) Beskuldigdes 14, 16, 17, 24, 25 en 26 - elk ses jaar gevangenisstraf wat in die geheel voorwaardelik opgeskort is,

insluitende 'n voorwaarde dat hulle elk

1200 uur gemeenskapsdiens moet verrig.

Die aansoek van die beskuldigdes om verlof tot appèl teen hulle skuldigbevindinge en, in sommige gevalle hulle vonnisse, is deur die verhoorregter van die hand gewys. Daarna het die appellante (beskuldigdes 1 - 6 en 8 - 26 by die verhoor) 'n petisie aan die Hoofregter gerig waarin verlof om te appelleer aangevra is. Sodanige verlof is op die volgende grondslag toegestaan:

/5

5

- (a) Beskuldigdes 1 - 6, 8 en 11

- 26 is verlof verleen om teen hulle skuldigbevindinge appèl aan te teken -in die geval van beskuldigdes 9 en 10 is sodanige verlof geweier; (b) In die geval van beskuldigdes 15
- 17, 22 en 24 - 26 is onbeperkte verlof toegestaan; (c) In die geval van beskuldigdes 1 - 6, 8, 11 - 14, 18 - 21 en 23 is verlof toegestaan op die beperkte basis dat hulle , soos deur die verhoorhof bevind, deel uitgemaak het van die skare buite die oorledene se huis, en klippe na die huis gegooi het;

@ (d) Beskuldigdes 1, 2, 4 - 6, 8 - 13, 15 en

18 - 21 is verlof toegestaan om teen hulle vonnisse te appelleer.

Vir die doeleindes van gerief word na die appellante gesamentlik as "die appellante" verwys; afsonderlik sal na hulle verwys word ooreenkomstig

/6

6hulle nommers by die verhoor.

Paballelo is 'n swart woonbuurt met 'n

inwonertal van nagenoeg 20 000 mense. Dit het sy eiestadsraad. Die oorledene was in diens van die

stadsraad as 'n munisipale polisieman. Hy was in dieomgang bekend as JETTA. Hy het saam met sy moeder ensy jonger susters en broers te huis 405 Pilanestraatgebly. In die uitspraak van die verhoorhof verskyn die volgende beskrywing van die omgewing waar die ter=saaklike gebeure wat die dood van die oorledenevoorafgegaan het, plaasgevind het.

"Die kantore van die stadsraad is buite die woonbuurt geleë langs 'n teerpad wat tot in die swart woonbuurt loop. In die woonbuurt is dit bekend as Kingstraat. Soos 'n mens ongeveer noord met die teerstraat aanry kry 'n

mens aan die linkerkant (die westekant) die biersaal en skuins oorkant aan die anderkant van die pad (die oostekant) 'n hostel. Onmiddellik langs die hostel en aan die

/7

7

noordekant daarvan is 'n sokkerveld, waarna in die getuienis verwys is as Eleven Experience se sokkerveld of sokkervlak. Verder noord langs die sokkerveld is die kliniek wat ook telkens in die getuienis genoem word. Dit staan op die hoek van Kingstraat en Imaliestraat. Op hierdie stadium loop Kingstraat in 'n noord-westelike rigting in die woonbuurt in.

Imaliestraat kruis Kingstraat naasteby reghoekig en die deel van Imaliestraat wat in hierdie saak baie belangrik is, strek in 'n

noord-oostelike rigting verby die kliniek. Die straat is ook bekend as Kafeestraat. Langs die kliniek en aan die noord-oostelike kant daarvan is die J C Shimanesaal (afgekort as die Shimanesaal). Verder aan in 'n noord-oostelike rigting is 'n oop stuk grond waarvan

h gedeelte bekend is as "die speelgronde". Beide die kliniek en die Shimanesaal is omhein en aan die Imaliestraat kant is daar hekke wat toegang tot die plekke verleen. Aan die suid-oostelike kant van die Shimanesaal is 'n oop area en daarna 'n aantal groen huisies (hierna is ook verwys as die

/8

8

Poskantoorhuisies). Voor die groen huisies (d i aan die noord-oostelikekant) is daar 'n draadheining wat aansluit by die heining van die Shimanesaal. Die getuienis was dat voor die Poskantoorhuisies, verste weg van die saal, die oorledene uiteindelik aan sy einde gekom het.

Aan die oostekant van die Eleven Experience se sokkerveld is daar ook 'n draadheining. Parallel met Kingstraat aan die noord-oostelike kant loop eers Pilanestraat en dan Davidstraat. Pilanestraat is 'n baie belangrike baken in hierdie gebeure. Brownstraat loop ook parallel met Kingstraat maar aan die suid-westelike kant. Behalwe 'n gedeelte van Kingstraat was al die ander paaie in Paballelo grondstrate.

Aan die linkerkant van Kingstraat, ongeveer aan die noordekant van die biersaal, is 'n oop stuk grond met 'n aantal bome. Ongeveer by die hoek van die sokkerveld en die kliniek maak die pad 'n effense draai en daarna loop Kingstraat ongeveer in 'n noord-westelike rigting in die woonbuurt in."

/99 Die blyk uit die getuienis dat daar reeds voor November 1985 'n mate van ontevredenheid onder die inwoners van Paballelo geheers het oor 'n aantal probleme in hulle omgewing. Daar was, onder andere, klagtes oor huishuur, insidente van dronkenskap en misdaad in die woonbuurt, en die optrede van diestadsraad en sy beampptes. Weens probleme in dieonderwys is sekere skole en klasse geboikot. Daar was egter nie gevalle van onrus of steurnis wat teen

owerheidsinstellings of -figure gemik is nie. Op die namiddag van Sondag 10 November 1985 is 'n vergadering in die Shimanesaal gehou. By die verhoor was dit in

geskil wie die vergadering belê en gereël het, en wat die doel van die vergadering was. Wat egter duidelik blyk, is dat die opkoms na die vergadering goed was. Volgens die getuienis was die saal stampvol en almal kon nie toegang verkry nie. Van die beskuldigdes het

/10

10 die vergadering bygewoon. Wat presies op die vergadering gebeur het, is egter onduidelik. In dié verband sê die verhoorhof in sy uitspraak:

"Aan die een kant is die getuienis dat dit 'n vreedsame vergadering was waar klagtes van die inwoners oor omstandighede in die woonbuurt bespreek is. Die klagtes moes aan die stadsraad voorgelê word deur 'n afvaardiging van die inwoners. Aan die ander kant is daar sterk getuienis wat daarop dui dat dit 'n opruiende vergadering was waar opruiende toesprake gemaak en liederes gesing is. Sekere persone, insluitende die oorledene, se name is genoem as persone aan wie leed aangedoen sou word."

Oor dié verskille in die getuienis het die verhoorhof egter nie uitsluitel gegee nie.

/11

11

Na die vergadering het 'n groep jeugdige vanaf die Shimanesaal sing-sing na die sokkerveld van Eleven Experience beweeg waar 'n sokkerwedstryd aan die gang was. Hulle het op die veld gegaan en die wedstryd dermate ontwig dat spel beëindig moes word. Die polisie het mettertyd daar opgedaag en van traanrook gebruik gemaak om die groep uiteen te jaag. Klippe is na die polisie gegooi, en geweld is ontketen wat later tot die aanrig van aansienlike skade gelei het. Talle huise is beskadig en motors is aan die brand gestee. Die geweld was veral gemik teen die eiendom van diegene wat die gesag moes handhaaf. Die

onluste-eenheid van die plaaslike polisie onder bevel van kaptein Botha het versterkings van elders aangevra. Hulp is vanuit Kimberley en later ook Pretoria verleen. Die eenheid van Kimberley was onder bevel van kaptein Van Dyk. Hulle (die lede van die eenheid) was die nag

/12

12 van 11 November vir die eerste keer op diens in Paballelo. Alhoewel kaptein Van Dyk sy bereidwilligheid verklaar het om met die oproeriges te onderhandel, het hy vanuit die staanspoor dit duidelik laat blyk dat voorvalle van geweld of onrus deur die polisie met die middele tot hulle beskikking onderdruksou word. Dieselfde nag is 'n inwoner van die woonbuurt tydens 'n onrus-verwante voorval deur die polisie doodgeskiet. Die optrede van die polisie het die oproeriges blykbaar tot bedaring gebring en orde is tot 'n groot mate herstel. Dit is gemene saak dat geen ernstige voorvalle van geweld hulle in die loop van

Dinsdag 12 November voorgedoen het nie, en dat alles indie woonbuurt tot die volgende oggend vreedsaam verloop het.

Dit bring ons dan by die gebeure van 13 November. Ons beperk ons op hierdie tydstip tot 'n

/13

13 breë oorsig daarvan; later sal daar in groter besonderheid op sekere aspekte gelet word. Vanaf net na ses-uur die oggend het mense, oud en jonk, by die sokkerveld begin vergader. Persone is verhinder om werk toe te gaan en is aangesê om die vergadering by te woon. Tydens die verhoor het van die beskuldigdes aangevoer dat die vergadering deur kaptein Van Dyk belê is. Die verhoorhof het egter bevind dat diê bewering van alle waarheid ontbloom is. Hierdie bevinding is nie op appèl bevraagteken nie. Dit is nie uit die getuienis duidelik wie die vergadering belê het nie. Die appellante is egter bereid om vir die doeleindes van die appèl te aanvaar dat beskuldigdes 10, 11 en 20 met die organisering en beheer daarvan gemoeid was. Met verloop van tyd het nagenoeg 3 000 mense op die sokkerveld byeengekom. Die polisie was in die omgewing teenwoordig. 'n Video-opname van die

/14

14 vergadering is gemaak en dit het voor die verhoorhof as 'n bewysstuk gedien. Die video dui aan dat sake op die sokkerveld aanvanklik heel vreedsaam en ordelik verloop het. Die byeenkoms was egter onwettig daar dit verbied was deur 'n kennisgewing wat deur die Minister van Wet en Orde kragtens die bepalinge van artikel 46(3) (a) van die Wet op Binnelandse Veiligheid (Wet 74 van 1982) uitgereik is. Kaptein Botha, wat in bevel van die polisie was, het die aanwesiges deur 'n

luidspreker in kennis gestel dat die byeenkoms onwettig is. Hy het hulle beveel om uiteen te gaan en hulle tien minute gegee om sy bevel te gehoorsaam.

Nieteenstaande hierdie waarskuwing is daar met die

vergadering voortgegaan, en mense is selfs gekeer om te verhoed dat hulle die sokkerveld verlaat. Gedeelte van die skare het Nkosi Sikelele i Afrika gesing -party mense met vuiste omhoog. Daarna is daar

/15

15 blykbaar gebid. Na die verloop van tien minute is die skare in kennis gestel dat die tyd wat hulle gegun is om uitmekaar te gaan, verstryk het. Onmiddellik daarna is traanrook deur die polisie gevuur om die mense uiteen te dryf. Die mense het in verskillende rigtings padgegee. Van hulle het in die rigting van die hostel gehardloop; ander weer het gehardloop in die rigting van 6f die biersaal 6f die Shimanesaal, of die woonbuurt in. 'n Groep persone het 'n muur van die biersaal omgestoot en gepoog om die biersaal aan die brand te steek. 'n Ander groep het in Pilanestraat in die omgewing van die oorledene se huis bymekaar gekom. Lede van hierdie groep het vanuit Pilanestraat enaangrensende erwe klippe na 'n polisievoertuig (Casspir) gegooi wat in 'n plein in Kingstraat (min of meer in lyn met die oorledene se huis) was. Op hulle beurt het die

polisie traanrook in die rigting van Pilanestraat

/16

16

gevuur. Kort hierna is die oorledene se huis deur 'n groot groep mense aangeval wat klippe na die huis gegooi het. Die aanval op die oorledene se huis, en die gebeure daarna, is breedvoerig beskryf in die getuienis van mev Beatrice Sethwala en haar dogter Magdalene (die oorledene se moeder en suster onderskeidelik), Roseline en Linerose Xaba (die dogters van die skoolhoof, mnr Xaba, wat saam met hulle moeder by die oorledene se huis skuiling gaan soek het na die aanval op hulle eie huis die vorige Sondagaand), en mnr Douglas Khambule (die oorledene se buurman) en sy seun Desmond. Hulle getuienis sal aanstons in meer detail behandel word. Op 'n stadium het die oorledene uit

die huis uit gevlug. Hy het onsuksesvol gepoog om by 'n

naburige huis te skuil. Hy het toe met Pilane- en Imaliestraat langs gevlug in die rigting van die Shimanesaal, en het langs die heining van die saal

/17

17afgehardloop. Hy is agternagesit. Voor die poskantoorhuisies is hy ingehaal, neergegooi en aangerand. Daarna is petrol oor hom gegiet en hy is aan die brand gestee. Hy is in die loop van hierdie gebeure dood.

Voorts behandel ons kortliks die getuienis

van die ses staatsgetuies na wie ons reeds verwys het. Volgens mev Beatrice Sethwala het sy die Dinsdagaand

(12 November) by haar huis saam met haar gesin geslaap. Mev Xaba en haar twee dogters het ook daar geslaap. Vanweë die gebeure in die woonbuurt die afgelope paardae was almal bang en bevrees en hulle het nie

ordentlik geslaap nie. Die oorledene (nadat hy ongeveer drie-uur die Woensdagoggend tuisgekom het), het in die sitkamer op 'n stoel sit en slaap met sy vuurwapen ('n haelgeweer wat aan hom uitgereik is vir sy

beskerming) op sy skoot. Die Sethwala woning bestaan

/18

18 uit vier vertrekke. Die voorkant van die huis kyk op Pilanestraat uit. Soos gekyk word in die rigting van Pilanestraat bestaan die voorste gedeelte van die huis uit 'n sitkamer aan die linkerkant en 'n klein slaapkamer aan die regterkant. Agter die klein slaapkamer is 'n groot slaapkamer en agter die sitkamer (langs die groot slaapkamer) is 'n kombuis. Laasgenoemde twee kamers het nie 'n direkte uitsig oor Pilanestraat nie. Die huis het twee buitedeure - 'n voordeur wat toegang tot die sitkamer verleen en 'n agterdeur wat uit die kombuis loop. Voor die huis is 'n struikheining met hekke aan weerskante. Vanaf die

voorkant van die huis na die straat is ongeveer agtmeter. Die Sethwala woning is redelik na aan die sokkerveld geleë. Mev Sethwala het getuig dat sy gesien het hoedat mense reeds vroeg die Woensdagoggend

/19

19 (13 November) op die sokkerveld byeenkom. Terwyl sy buite die huis by een van die hekke gestaan het, is sy op 'n onmanierlike wyse deur 'n jong seun aangesê om die vergadering by te woon. Sy het egter nie gehoor gegee nie. Sy het die hek waar sy gestaan het met 'n draad toegedraai. Sy het gehoor hoedat die polisie

die mense op die sokkerveld beveel om uitmekaar tegaan. Nkosi Sikelele i Afrika is toe gesing, en dit het vir haar gelyk of daar ook gebid word. Nadat 'n verdere waarskuwing deur die polisie aan die skare gerig is, is traanrook gevuur. Die mense het van die sokkerveld wegbeweeg. Sy is toe haar huis in met haarkinders omdat sy bang was dat die traanrook hulle sou affekteer. Terwyl sy binne die huis was, het sy kort-kort uitgekyk en sy het gesien dat daar moeilikheid was tussen die mense en die polisie. Die oorledene was besig om homself te was. Beskuldigdes 18 en 19 het

/20

20 sonder toestemming die erf binne gekom om lappe wat hulle gehad het by die kraan te kom nat maak. Die oorledene het op 'n ietwat onbeskofte wyse hulle beveel om die erf te verlaat. Toe hulle uit die erf uit is, het beskuldigde 18 vir die oorledene toegesnou "Ons sal jou wys". Volgens mev Sethwala was daar op daardietyd stip traanrook in die lug maar nie baie sterk nie. Vanuit haar huis het mev Sethwala gesien hoedat verskeie mense vanaf Pilanestraat en die aangrensende erwe klippe in die rigting van Kingstraat, waar die polisie Casspir gestaan het, gooi. Onder andere het sy beskuldigde 1 sien klippe gooi. In sy linkerhand,

teen sy sy, het hy 'n middelslag glasbottel gehad. Indie bottel was 'n gekleurde vloeistof wat haar laat dink het dat dit moontlik petrol kon wees. Die oorledene het almal in die huis aangesê om na die groot slaapkamer te gaan. Hy was besig om 'n lys op te stel

/21

21 van mense wat hy sien klippe gooi het na die polisie. Terwyl sy in die groot slaapkamer was, hoor sy die oorledene skree dat dit lyk of die mense buite die huis wil aanval. Die huis is egter nie dadelik aangeval nie. Sy het die deur van die groot slaapkamer oopgemaak. Buite het sy mense hoor praat. Hulle het onder mekaar gestry oor hoe hulle moes optree. (Ons kom later weer

daarna terug.) Die stryery onder die mense het voortgeduur nadat hulle klippe begin gooi het. Die mense in die huis was vérskrik. Sy en van die ander het gaan skuiling soek onder 'n bed in die groot slaapkamer. Die oorledene, wat die gebeure buite dopgehou het, roep toe uit:

"Mense kom kyk julle hier is 'n persoon wat saam met my werk en dit is die persoon wat ek geglo het my lewe sal red. Hy is een van die persone wat vir my doodmaak." Sy is toe onder die bed uit om te gaan

/22

22kyk. Teen die tyd was die vensterruite reeds almal stukkend en die gordyne voldoende oop sodat sy na buitekant kon sien. Sy was toe net buitekant die deur van die klein slaapkamer. Die persoon na wie die oorledene verwys het, was beskuldigde 1. Sy het hom gesien by die hek aan die linkerkant d w s naaste aan

die Khambule's. Sy het opgelet dat beskuldigde 1 klippe na die huis gooi. Onder die mense buite die huis het sy herken, afgesien van beskuldigde 1, beskuldigdes 2, 3, 4, 6, 8, 10, 11, 12, 13, 15, 18, 20, 21, 22, 23, 24, 25 en

26. Met die uitsondering van beskuldigde 26, wat sy daardie dag vir die eerste keergesien het, het sy al die ander beskuldigdes deur haar

uitgeken 6f by naam 6f van sien geken. Hulle het almal klippe na die huis gegooi. Daar was, volgens haar, altesaam meer as 'n honderd mense buite die huis.

'n Vrouestem het aanhoudend uitgeroep "Jetta is in die

/23

23huis." Volgens mev Sethwala het "die mense voor die huis" geskree: "Viva. Laat die beriggewer doodgaan." Sy het beskuldigde 18 hoor sê: "Laat die hond uitkom, laat ons die hond lewendig aan die brand steek." 'n Opruiende lied is ook gesing. Verskeie skote is deur die oorledene gevuur - omtrent vier skote volgens haar. (Dit is gemene saak dat een van dié skote 'n kind buite die huis getref en gewond het.) Sy het gevrees vir haar lewe. Mettertyd is sy terug na die groot slaapkamer. Later het sy agtergekom dat die oorledene nie meer in die huis is nie. Sy is hande-viervoet na die kombuis om die agterdeur wat oopgestaan het, toe te

maak. Nadat sy dit gedoen het, is 'n klip deur die

agterruit gegooi, en sy het iemand buite hoor hardloop. Sy getuig verder dat die mense buite geraas en geskree het, en dit het geklink of mense die straat afhardloop en iemand of iets jaag. Daar is geskree: "Daar gaan

/24

24

die hond, daar gaan die hond."Mev Sethwala getuig verder dat Desmond Khambule later by die agterdeur opgedaag het. Hy het haar vertel dat die oorledene doodgemaak is. Hierdie tyding is deur haar dogter, Magdalene, bevestig. Magdalene het vir haar gesê om die huis te verlaat omdat daar beweer is dat mense haar huis aan die brandgaan steek. Sy is vinnig by die huis uit maar het teruggekeer om haar beursie, wat sy vergeet het, te gaan haal. 'n Vrouestem buite trek haar aandag. Sy sien toe beskuldigde 18 buite verbystap met gebalde vuiste in die lug, en hoor haar skree: "Daar lê die

hond vrek en brand, Hoekom help sy ma hom nie meer

nie. Hoekom help sy wit hondbroers hom nie meer nie." Sy let toe verder op 'n groep mense wat vanuit die rigting van die Shimanesaal beweeg het. Onder die groep was beskuldigdes 10 en 20. (Onder kruisverhoor

/25

25

het sy gesê dat beskuldigde 11 ook 'n lid van die groep was.) Die groep, insluitende beskuldigdes 10, 11 en 20, het geskree: "Hey, Hey, die hond is dood." Na hierdie groep het beskuldigdes 12, 13 en 15 vanuit dieselfde rigting verbygekom. Hulle het klippe in hul hande gehad. Hulle het in die rigting van haar huisgekyk, maar geen verdere aanval is op die huis geloods

nie. Sy het ook 'n stem van buite hoor sê. "Gooi petrol op die huis." Sy is daarna uit haar huis uit, en het na die Khambule's gegaan. Later is haar gesin en die Xaba-gesin na die stadsraadskantore geneem.

Mev Sethwala se getuienis oor die gebeure wat

by haar huis plaasgevind het, word in wesenlike opsigte

gestaaf deur haar dogter, Magdalene, en die twee Xaba dogters. Dit is nie nodig om hulle weergawes volledig uiteen te sit nie. Magdalene het tien van die beskuldigdes uitgeken as synde persone teenwoordig

/26

26

in die groep buite hulle huis. Onder die groep mense by die hek aan die regterkant van die huis (soos 'n mens uitkyk) het sy beskuldigdes 5, 13, 15 en 16 herken. Sy het hulle daar opgelet reeds voordat enige klippe gegooi is. Verder het sy ook beskuldigdes 1, 2, 4, 6, 12 en 14 uitgeken. Met die uitsondering van beskuldigde 16 het die ander beskuldigdes almal klippena die huis gegooi. Sy het getuig dat beskuldigde 16 aanvanklik buite geskree het: "Jetta is hier in die huis, hy is hier in die huis." Nadat die kind raakgeskiet is, het beskuldigde 16 herhaalde kere uitgeroep: "Jetta is in die huis, hy het 'n kind

raakgeskiet." Volgens Magdalene was daar vir h

tydlank nadat die kind raakgeskiet is nie klippe gegooi nie. Sy het beskuldigde 4 uitgeken as die persoon wat die erf binnegekom het en 'n klip deur die agterruit gegooi het. 'n Rukkie nadat die oorledene

/27

27

die huis verlaat het, het sy uit die huis uit gegaan. Sy is na die bure agter hulle wat huis 400 bewoon. Sy vra toe vir hulle waar die oorledene is. Hulle wys na 'n plek naby die groen poskantoorhuisies waar daar baie mense bymekaar was. Hulle was besig om die oorledene aan te rand. Onder die mense het sybeskuldigdes 2 en 10 herken. Later is petrolblykbaar oor die oorledene gegiet, en hy is aan die brand gestee. Magdalene het ook getuig dat sy die vorige Sondagmiddag die vergadering in die Shimanesaal bygewoon het. Volgens haar was beskuldigdes 1, 2, 4, 5, 14, 17 en 20 by die vergadering aanwesig.

Beskuldigdes 2, 4 en 5 het mense wat geraas hetstilgemaak. Beskuldigdes 14, 17 en 20 het deelgeneem aan die singery in die saal. Beskuldigde 1 het net gestaan en luister na wat aangaan.

/28

28

Roseline Xaba het altesaam agtien beskuldigdes uitgewys as synde onder die groep mense voor die Sethwala's se huis. Hulle was beskuldigdes 1, 2, 3, 4, 5, 6, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 18, 19, 20 en 21. Sy het hulle destyds almal goed geken. Volgens haar het al agtien beskuldigdes klippe na diehuis gegooi. Voordat klippe gegooi is, het die mensebuite onder mekaar gepraat maar sy het nie gehoor wat hulle gesê het nie. Dit blyk uit haar getuienis dat kort nadat die oorledene die huis verlaat het, is daar buitekant geskree: "Daar is hy, daar is hy." Die persone buite het steeds aangehou om die huis metklippe te bestook. Eers 'n rukkie later het hullewegbeweeg in die rigting van die Shimanesaal. Sy het nie die aanranding op die oorledene waargeneem nie.

/29

29

Linerose Xaba het twaalf beskuldigdes uitgewys as persone wat deel was van die groep voor die Sethwala's se huis en wat klippe na die huis gegooi het. Hulle was beskuldigdes 1, 2, 4, 5, 6, 8, 10, 14, 17-, 18, 19 en 23. Sy het hulle destyds almal goed geken.

Die Khambule's het huis 404 bewoon. Dit

was langsaan die oorledene se huis en aan die Shimanesaal-kant daarvan. Desmond Khambule het getuig oor die oorledene se bewegings nadat hy uit sy huis gevlug het. Hy het ook getuig oor sekere van die gebeure wat voor dit plaasgevind het, onder andere hoe

hy mense gesien klippe gooi het en gehoor het datvensters van die Sethwala huis breek en klippe op die dak val. Hy het ook skote gehoor, en daar is gesê dat 'n kind geskiet is. Nadat die skote gevuur is, het die mense 'n entjie van die oorledene se huis af wegbeweeg.

/30

30 Klippe is van voor die Khambule's se huis na die oorledene se huis gegooi. Hy is toe na huis 402 in Imaliestraat na ene Tabo. Hy (Tabo) was egter nie tuis nie en Desmond is toe terug na Pilanestraat na huis 475 - ene Zella se huis. Huis 475 is skuins oorkant die oorledene se huis geleë aan die noord-westelike kantdaarvan. Volgens Desmond was daar op daardietyd stip nie meer mense by oorledene se huis nie en min mense in Pilanestraat. Toe hy by die oorledene se huis verbystap, sien hy die oorledene spring oor die draadheining in erf 407 in - waar ene Maria Makabane gebly het - en in die huis ingaan. (Erf 407 grens

aan die noordekant aan die oorledene se erf.) Desmond het onbekende stemme hoor skree: "Daar gaan hy in Makabane se huis in". Maria Makabane het die oorledene aangesê om haar huis te verlaat. Oorledene kom toe uit en spring oor die draadheining in erf 408

/31

31 in. (Erf 408 lê ten ooste van erf 407.) Hy het sy vuurwapen in sy hand gehad. Na 'n rukkie spring die oorledene terug in erf 407 in en hardloop na die hek. Desmond hardloop op sy beurt in Zella se erf in uit vrees vir die oorledene. Hy let toe op dat die oorledene in die plein in Pilanestraat voor huis 407 is. Hy (die oorledene) het normaal, maar vinnig, gehardloop. Hy het met Pilanestraat afgehardloop voor sy huis verby (in die rigting van die Shimanesaal). Voor sy huis het hy 'n skoot skuins in die lug geskiet. Aan die onderpunt van Pilanestraat het hy links gedraai in Imaliestraat. Desmond hoor toe mense skree; "Daar hardloop hy, die koeëls vir sywapen is op." Hy hardloop toe agterna om te sien wat gaan gebeur. Hy gaan neem stelling in voor huis 403 in 'n posisie waar hy 'n onbelemmerde uitsig het. Hy sien die oorledene hardloop in die rigting van die groen

/32

32

poskantoorhuisies met beskuldigde 10 wat hom agternasit. Agter beskuldigde 10 het beskuldigde 11 gehardloop, wat op sy beurt deur 'n groot groep mense agtervolg is. Toe hulle verby die groen poskantoorhuisies gaan, het beskuldigde 10 vir die oorledene ingehaal. Hy het die oorledene agter dienek gevang en hom op die grond neergegooi. Die oorledene het op sy rug geval. Beskuldigde 10 het die oorledene se vuurwapen van hom afgeneem. Hy vat toe die vuurwapen met beide hande aan die loop en slaan die oorledene twee keer daarmee. Desmond kon nie sê waar die houe die oorledene getref het nie. Toe beskuldigde

10 die vuurwapen weer ophig (blykbaar om 'n verdere houdaarmee te slaan) val die kolf eenkant, en hy gooi toe die gebreekte vuurwapen weg. Hy skop toe die oorledene op die maag. Teen die tyd was beskuldigde 11 al byderhand en hy het twee steekbewegings na die

/33

33 oorledene uitgevoer. Albei houe het die oorledene getref. Daarna het beskuldigde 11 die oorledene geskop. Beskuldigde 10 tel toe 'n klip op en gooi die oorledene daarmee. Beskuldigde 11 tel ook 'n klip op. Die ander mense het toe bygekom en hulle het die oorledene getrap en geskop. Desmond is toe weg omvir mev Sethwala te gaan vertel wat gebeur het. Mnr Douglas Khambule was destyds 'n raadslid van Paballelo. Hy het die Woensdagoggend gesien dat daar 'n vergadering op die sokkerveld was. Nadat die persone op die sokkerveld met traanrook uiteengejaag is, was daar baie mense in Pilanestraat. Onder hulle was beskuldigde 1. Van die mense het klippe gegooi nah Casspir wat in die plein in Kingstraat gestaan het. Mnr Khambule het na die hek van sy erf gegaan. Daar het beskuldigde 10 hom genader en hom gevra om vir kaptein Botha te gaan sê dat die polisie uit die

/34

34

woonbuurt moet onttrek. Hy is toe na kaptein Botha (wat by sy Casspir naby die biersaal was), maar laasgenoemde het volstrek geweier om te onttrek. Hy het teruggegaan om aan beskuldigde 10 te rapporteer. Hy hoor toe 'n vuurwapenskoot naby die oorledene se huis. Terwyl hy voortstap kom iemand van voor aan en deel hom mee dat sy oudste seun geskiet is. Hy stap verder aan en vind 'n groot groep mense in Imaliestraat tussen die kliniek en huis 479 wat op die noord-westelike hoek van Pilane- en Imaliestraat geleë is. Aan hulle het hy vertel dat kaptein Botha geweier het om te onttrek omdat hy daar was om wet en orde te handhaaf. Toe hy by sy huis aankom, het hy vasgestel dat dit nie sy seun was nie maar dié van sy buurman, Mbele, wat geskiet is. Toe hy by sy groot hek ingaan, hoor hy ruite by die oorledene se huis breek en klippe op die dak val. Hy sien toe beskuldigde 4 op die

/35

35

stoep wat agter die oorledene se huis is. Beskuldigde 4 het 'n klip na die huis gegooi wat 'n venster getref het. Daar was ander mense buite die huis wat klippe daarna gegooi het. Hy het die groep persone op meer as twee honderd geskat. Mnr Khambule het getuig dat hy toe na sy huis gegaan het om sy

vuurwapen te gaan haal. Hy was bang omdat hy 'n

_ raadslid was en hy het gesien dat daar klippe gegooi word. Hy gaan toe na huis 403 (dié van sy buurman, Mbele) wat op die noord-oostelike hoek van Pilane- en Imaliestraat geleë is. Van die huis het hy na buite uitgekyk. Hy kon Imaliestraat en die draadheining om

die Shimanesaal sien. Nie lank nadat hy by die huis

aangekom het nie, hoor hy 'n groot geraas buite. Hy hoor mense skree: "Hy hardloop weg, vang hom, maak hom dood." Hy sien toe die oorledene verby die huis hardloop in Imaliestraat met sy vuurwapen in sy

/36

36

regterhand. Hy het van Pilanestraat se kant af gekom. Die oorledene het om die hoek van die heining om die saal, en al langs die saal se heining af, in die rigting van die poskantoorhuisies gehardloop. Beskuldigde 10 het hom agtervolg. Toe hy hulle die eerste keer sien was beskuldigde 10 ongeveer twintig meter agter die oorledene. Beskuldigde 10 het die oorledene ingehaal, hom neergegooi, sy vuurwapen afgeneem, die vuurwapen aan die loop gevat en die oorledene twee keer met die kolf geslaan. 'n Groep van ongeveer een honderd mense wat ongeveer twintig meter agter beskuldigde was, het opgedaag. Van hulle het die oorledene getrap en hom met klippe gegooi. Dithet ook gelyk asof een persoon na die oorledene steek. Hy kon niemand in die groep uitken nie. Beskuldigde 7 kom toe by hom verby. Hy het 'n wit kan vol vloeistof by hom gehad. Hy het met h

/37

37

drafstap gehardloop na die mense wat by die oorledene was. Die inhoud van die kan is oor die oorledene gegiet en hy is aan die brand gestee. Daarna het die groep van die oorledene af weg beweeg in die rigting van Imaliestraat, en die mense het met Imaliestraat afgestap.

#

Op 3 Desember 1985 is 'n uitkenningsparade gehou. Die parade is net uit mans saamgestel. Al die manlike beskuldigdes was op die parade (beskuldigdes 16, 17, en 18 was gevolglik nie aanwesig nie). Beskuldigdes 22, 23, 24, 25 en 26 was aanvanklik nie verdagtes nie. Hulle was deel van 'n

aantal persone wat lukraak gekies is om die paradegetal

aan te vul. Met 'n enkele uitsondering wat nie ter sake is nie, is al die manlike beskuldigdes wat deur die ses staatsgetuies in die loop van hulle getuienis uitgeken is, op die parade deur hulle uitgewys.

/38

38

Alhoewel daar gedurende die verhoor kritiek teenoor die verrigtinge by die parade uitgespreek is, het mnr Farlam, wie namens die appellante verskyn het, tydens die appèl toegegee dat die parade reëlmatig geskied het.

Die mediese deskundiges wat getuig het, het

van mekaar verskil aangaande die juiste oorsaak van

die oorledene se dood. Die vernaamste lykskouingsbevindings het getoon dat die oorledene gehad het: wyd verspreide derdegraadse brandwonde; 'n groot wond van die regter voorkop en 'n kneusing van die regter slaap (elk met 'n onderliggende skedelbreuk);

ggk verskeie kneusings van die kopvel; uitgebreide

breinbloeding; en drie steekwonde van die bors (waarvan nie een die borsholte binnegedring het nie). Na aanleiding van sy bevindings het die distriksgeneesheer wat die lykskouing gehou het tot die

/39

39

gevolgtrekking geraak dat die oorsaak van die oorledene se dood was:

"1. Breinbloeding as gevolg van houe teen die regter voorkop en regter slaap.

2. Verbranding."

Die mediese deskundiges was dit eens dat die twee houeteen die kop wat skedelbreuke veroorsaak het, fataal was, en gesamentlik of afsonderlik die oorledene se dood kon veroorsaak het. Hulle het egter verskil met betrekking tot of die verbranding ook bygedra het of 'n oorsaak was van sy dood. Die geskilpunt het gegaan

oor hoe lank na die toedien van die houe die dood souingetree het. Aan die een kant is die mening gehuldig dat die oorledene nog geleef het toe hy aan die brand gestee is. Hierdie mening is hoofsaaklik daarop gebaseer dat daar 'n tydsvloer sou gewees het voordat

/40

40 die oorledene aan sy hoofbeserings sou beswyk het, en sy verbranding binne dié tyd sou geskied het. Aan die ander kant is die mening uitgespreek dat die hoofbeserings met die gepaardgaande skedelbreuke daarop dui dat aansienlike geweld gebruik is, dat die omvang van die beserings sodanig was dat die dood amper onmiddellik sou ingetree het, en dat die verbranding

dus eers na die oorledene se dood plaasgevind het. Dit is nie nodig om op die redes in te gaan wat voorgehou is om die botsende menings te onderskraag nie. Vanweë hierdie geskil het die verhoorhof tot die slotsom gekom dat dit nie 'n redelike twyfel kon

bevind dat die oorledene nog geleef het toe hy aan die

brand gestee is nie.

Behalwe miskien vir beskuldigde 10 was die identiteit van al die appellante by die verhoor in geskil. Hulle het almal enige deelname aan die

/4141 voorval op die oorledene se huis, en die latere doodmaak van die oorledene, ontken. Ofskoon van die appellante erken het dat hulle die vergadering op die sokkerveld bygewoon het, het almal alibi's geopper wat minstens die tydperk waarbinne die oorledene se huis aangeval is, en hy gedood is, dek. Die verhoorhof het, behalwe in een opsig (die uitkenning deur Magdalene van beskuldigdes 2 en 10 as deel van die groep wat die oorledene aangerand het daar waar hy gesterf het), die getuienis van die ses staatsgetuies waarna verwys is, en hulle uitkenning van die verskillende appellante as betrokkenes by die gebeure waaroor hulle getuig het, aanvaar. Die appellante se alibi's is almal deur die verhoorhof verwerp as synde nie redelik moontlik waar nie. Die verhoorhof het bevind dat al die appellante skuldig was aan moord deurdat hulle, met die

/42

42

opset om te dood, deelgeneem het aan die klipgooiery by die oorledene se huis, of aan die aanrandings by die poskantoorhuisies, of albei. Ons sal later in groter besonderheid ingaan op die hof se bevindings in hierdie verband. Aangesien beskuldigde 7 se bewese handeling op 'n tydstip geskied het toe die oorledenewaarskynlik (of minstens redelik moontlik) reeds doodwas, is hy net aan poging tot moord skuldig bevind. Ons het vroeër aangedui op watter grondslag die appellante verlof tot appèl verleen is. Die appèl voor ons kan in drie dele ingedeel word. Die eerste deel handel met die sewe beskuldigdes

(beskuldigdes 15, 16, 17, 22, 24, 25 en 26) aan wien beperkte verlof toegestaan is om teen hulle skuldigbevindings te appelleer. Dit gaan hier oor die korrektheid al dan nie van die verwerping van hulle alibi's deur die verhoorhof. Die tweede deel

/43

43

handel hoofsaaklik met die skuldigbevindings aan moord van al die appellante (met die uitsondering van beskuldigdes 9 en 10) wat tereg bevind was om deel te gewees het van die groep mense wát klippe na dié oorledene se huis gegooi het (en, in die geval van beskuldigdes 11 en 20, wat na bewering deel gehad het aan die latere aanranding op die oorledene). Hierdie deel behels regs- en feitevraagstukke voortspruitende uit die sogenaamde leerstuk van gesamentlike opset ("common purpose"). Die derde deel het betrekking op die kwessie van vonnis. Ons behandel voorts die eerste van hierdie dele. Waar 'n beskuldigde 'n alibi opper, rus die bewyslas op die Staat. Bestaan daar gevolglik 'n redelike moontlikheid dat die alibi's van die beskuldigdes onder bespreking waar kan wees, sal die Staat hom nie van sy bewyslas gekwyt het nie (R v Biya

/44

44 1952(4) SA 514 (A) op 521 D - E). Die korrekte benadering in dié verband is om elke alibi aan die hand van die totaliteit van die getuienis met betrekking daartoe, en die hof se indrukke van die getuies, te oorweeg (R v Hlongwane 1959(3) SA 337 (A) op 341 A). Behalwe in die geval van beskuldigde 15, berus die uitkennings van die ander ses beskuldigdes op die getuienis van 'n

enkelgetuie - beskuldigde 16 word net deur Magdalene uitgeken, beskuldigde 17 net deur Linerose en beskuldigdes 22, 24, 25 en 26 net deur mev Sethwala. Dit is geykte reg dat die getuienis van 'n enkelgetuie met versigtigheid benader moet word.

Normaalweg word die getuienis van 'n enkelgetuie slegs aanvaar as dit in elke wesenlike opsig bevredigend is of daar staving daarvoor is (R v Mokoena 1956(3) SA 81 (A) op 85 - 6; S v Letsedi 1963(2) SA 471 (A) op 473 F; S v Sauls and Others 1981(3) SA 172

/45

45 (A) op 180 E - G). Staving in dié sin is "bevestigende bewysmateriaal buite die getuienis wat gestaaf word" (Schmidt: Bewysreg : Derde Uitgawe : bl 108). Die staving hoef nie noodwendig die beskuldigde met die misdaad te verbind nie. Die getuienis van 'n enkelgetuie, soos HOLMES, AR, in S v Artman and Another

1968(3) SA 339 (A) op 341 A - B opgemerk het, "does not require the existence of implicative corroboration; indeed in that event she would not be a single witness". Die versigtigheidsreël geld veral in die geval van 'n enkelgetuie ten opsigte van identifikasie vanweë die feilbaarheid van menslikewaarnemings (R v T 1958(2) SA 676 (A) op 678 A - F). Die hof moet tevrede wees dat die uitkennende getuie nie net eerlik is nie, maar ook betroubaar (S v Mthetwa 1972(3) SA 766 (A) op 768 A - B). Eerlikheid op sigself is geen waarborg van betroubaarheid nie.

/46

46

In die verband merk VAN DEN HEEVER, AR, in R v Masemang 1950(2) SA 488 (A) op 493 tereg op: "The positive assurance with which an honest witness will sometimes swear to the identity of an accused person is in itself no guarantee of the correctness of that evidence."

Gevolglik mag 'n getuie "se eerlikheid en eie oortuiging nooit toegelaat word om die afsonderlike ondersoek na die betroubaarheid van [sy] uitkenning te vertroebel nie" (S v Mlati 1984(4) SA 629 (A) op 632 'n - I). Daar is 'n menigte faktore wat 'n getuie se uitkenningsvermoë kan beïnvloed en wat in gedagtegehou moet word wanneer die betroubaarheid van sy uitkenning oorweeg word.

Verskeie van hierdie faktore word na verwys in S v Mthetwa (supra) op 768 A

- C. (Sien ook in dié verband die onlangse uitspraak van die Geheime Raad in Junior Reid v The Queen [1989] 3 W L R

/47

47

771 op 777-9). Die waarskynlikheid dat 'n uitkenning betroubaar is, word verhoog waar die persoon wat

uitgeken is voorheen aan die getuie bekend was (R v

Dladla and Others 1962(1) SA 307 (A) op 310 C). Maar selfs dan moet daar noukeurig gelet word op die geleentheid wat die getuie gehad het om in die

heersende omstandighede 'n korrekte uitkenning te maak

(R v Dladla and Others (supra) op 310(E)). Op die ou end bly die toets of daar bewys van skuld bo alle redelike twyfel is, gesien die getuienis in sy geheel insluitende die feit dat 'n beskuldigde òf nie getuienis afgelê het nie (vgl S v Mthetwa (supra) op 769 A-E) òf'n valse alibi geopper het (wat oor dieselfde kam

geskeer word as 'n versuim om te getuig - sien S v

Nkombani and Another 1963(4) SA 877 (A) op 893 G.

Die verhoorhof was wel deeglik bewus van die toepaslike regsbeginsele by die oorweging van die

/48

48

getuienis van mev Sethwala, Magdalene en Linerose in die gevalle waar hulle enkelgetuies was. Die verhoorhof was ook, aan die hand van die gebeure wat plaasgevind het, gedagtig aan die aanwesigheid van sekere positiewe en negatiewe faktore wat hulle waarnemingsvermoëns en uitkenning kon beïnvloed. Faktore wat uitkenning kon vergemaklik het was, onder andere, die volgende: die gebeure het helder oordag plaasgevind; die persone daarby betrokke is vanaf 'n betreklike kort afstand waargeneem; daar was oor die algemeen voldoende geleentheid vir betroubare waarneming; die persone uitgeken, op een uitsondering

na, was voorheen aan die getuies bekend, hetsy by naam of van sien; van die getuies (byv mev Sethwala) het uitdruklik op die persone wat klippe gegooi het, gefokus ten einde latere uitkenning te vergemaklik. Aan die ander kant was daar verskeie faktore wat nie

/49

49 bevorderlik was vir betroubare uitkenning nie, onder andere die volgende: die getuies was bang en het vir hulle veiligheid en lewens gevrees; daar moes deur stukkende vensters en tussen gordyne geloer word na buite dikwels terwyl daar klippe gegooi is; daar was beperkte geleentheid vir die waarneming van sekere persone; daar was 'n groot getal oproeriges, en die toneel buite die oorledene se huis was 'n bewegende, veranderlike een.

Op appèl is die eerlikheid van die staatsgetuies se uitkennings nie bevraagteken nie. Waar uitkenning tans nog in geskil is, gaan dit suiwer oor hulle betroubaarheid. Soos blyk uit die

verhoorhof se uitspraak, het mev Sethwala in die algemeen 'n baie gunstige indruk op die hof gemaak. Daar is bevind dat sy 'n betroubare en eerlike getuie is; ten opsigte van haar uitkenning van sekere

/50

50

beskuldigdes wat sy by die tweede geleentheid by haar huis sien verbyloop het, het die verhoorhof haar bevind "uiters betroubaar" te wees. Eweneens is Magdalene as 'n getuie betroubaar bevind, en haar uitkennings as "betroubaar en korrek". Met betrekking tot Roseline en Linerose Xaba is bevind "dat hulle albei eerlike getuies is en dat hul uitkenning van dieaanvallers korrek is". Aan die hand van die voorafgaande word daar nou gekyk na die gevalle van die sewe beskuldigdes aan wie onbeperkte verlof tot appèl verleen is.

Beskuldigde 15 Beskuldigde 15 is deur drie getuies uitgeken - mev Sethwala, Magdalene en Roseline. Al drie het hom baie goed geken. Dit is gemene saak dat hy 'n gereelde besoeker by die Sethwala's se huis was. Mev

/51

51 Sethwala het getuig dat sy hom soos haar eie seun beskou het. Volgens Roseline het hy nog die vorige dag daar gekuier en die oorledene vir 'n sigaret gevra. Beide mev Sethwala en Magdalene het hom die betrokke dag by meer as een geleentheid voor hulle huis gesien. Daar kan geen sprake wees van 'n sameswering onder diedrie getuies om hom valslik te inkrimineer nie - soosreeds gemeld, is hulle eerlikheid bo verdenking. Al vraag is dan of hulle hulle eerlik kon vergis het. Ons meen dat die redelike moontlikheid daarvan uitgesluit kan word. Daar was voldoende geleentheid vir betroubare uitkenning van beskuldigde 15. Dit isuiters onwaarskynlik dat die drie getuies hom metiemand anders kon verwar het (soos die verdediging tydens die verhoor probeer voorgee het). Die feit dat beskuldigde 15 (van alle persone) klippe na die huis gegooi het, sou ongetwyfeld hulle aandag op hom

/52

52

gevestig het, en sy betrokkenheid by die gebeure moes noodwendig 'n blywende indruk op hulle gemaak het. Die Staat se saak teen beskuldigde 15 was gevolglik besonder sterk.

Beskuldigde 15 erken dat hy op 13 November 1985 die vergadering op die sokkerveld bygewoon het. Hy beweer egter dat hy die vergadering verlaat het toedaar gebid word en voor die eerste traanrook gevuur is. Hy is toe direk huistoe. Volgens hom het hy destyds 'n vel-uitslag gehad wat deur sweet vererger is. Omdat hy vermoed het dat hy sou moes hardloop (en dus sweet) as die polisie sou skiet, het hy vroeg aanstaltesgemaak om weg te kom. By die huis aangekom, is hy nadie buitekamer wat sy broer bewoon het. Sy broer was besig om 'n radiokassetspeler reg te maak. Hy het daar gebly tot nadat die gebeure rondom die oorledene se dood verby was. Beskuldigde het sy moeder, mev Sarah

/53

53

Johnson, en sy broer, Blackie Jafta, as getuies geroep om sy alibi te staaf. Die deurlees van beskuldigde 15 se getuienis laat die indruk na dat hy 'n swak getuie was. Sy getuienis is in baie opsigte onwaarskynlik en nie met sy onskuld te rym nie. Gesien sy hegte verhouding met die Sethwalas sou geredelik van hom verwag kan word omsy medelye oor die oorledene se dood aan hulle te gaan betuig. Tog het hy dit nie gedoen nie, en hy kon geen aanvaarbare verduideliking vir sy versuim gee nie. Ofskoon hy reeds op 13 November van die oorledene se dood gehoor het, beweer hy dat hy eers op 27 November

(wat hy later gewysig het na 15 November) verneem het dat hy gewelddadig gesterf het - ondanks die feit dat hy op 14 November met Timo, die oorledene se broer, in gesprek was. Dit is uiters onwaarskynlik, en dus ongeloofwaardig, dat hy nie vir Timo sou gevra het hoe

/54

54 hoe die oorledene omgekome het nie (tensy natuurlik hy, teenstrydig met sy getuienis, reeds geweet het). Dit is ewe onwaarskynlik dat hy nie vir sy broer van die oorledene se dood sou vertel het nie toe hy op 13 November daarvan te hore gekom het. Wat ook onwaarskynlik is, is dat beskuldigde 15 rustig in sy broer se kamer sou sit te midde van die woelinge in die omgewing van hulle huis, en meer bepaald op die veld oorkant hulle huis. (Hierdie onwaarskynlikheid geld ook vir sy moeder en broer, wat kwansuis niks gesien het wat om hulle gebeur nie.) Daar is ook ander voorbeelde in sy getuienis wat daarop dui dat hy honbevrede en leuenagtige getuie was.. Dit is egter nie vir die doeleindes van hierdie uitspraak nodig om op hulle in te gaan nie. Met betrekking tot beskuldigde 15 se twee getuies het die verhoorhof soos volg bevind: "Die

/55

55 getuienis van Sarah Jackson en Blackie Jafta is nie van so 'n aard dat 'n mens bloot op hulle getuienis geoordeel kan sê dat dit vals is nie". Hulle getuienis is egter baie vaag. Mev Johnson koppel die aankoms van beskuldigde 15 aan twee skote wat sy gehoor het - sy was nie in staat om die tyd van sy aankoms te gee nie. Sy beweer dat hy 'n rukkie na die skote afgegaan het by

die huis aangekom het. Dit is duidelik uit die getuienis dat daar verskeie skote dié dag gevuur is. Die twee skote wat sy gehoor het, was nie noodwendig die eerste twee nie. Sy beweer dat sy geen verdere skote gehoor het nadat beskuldigde 15 by die huis

opgedaag het nie. Dit is aanduidend van die feit dat

beskuldigde 15 moontlik eers by die huis aangekom het nadat alles reeds verby was en die oorledene reeds dood was. Indien beskuldigde 15 reeds by die huis was toe die gebeure by die oorledene se huis plaasgevind het,

/56

56

waarom het mev Johnson nie die skote gehoor wat die oorledene afgevuur het nie, gesien die feit dat die huis redelik na aan dié van die oorledene gelee was? Blackie Jafta het wel meer as een keer skote gehoor, en beweer dat beskuldigde 15 by die huis opgedaag het nadat die eerste skote gevuur is. Tot dié mate staaf

hy beskuldigde 15. Maar daar is heelwat kleineraspekte waarop beskuldigde 15, mev Johnson en Blackie verskil. Daar word na hulle in die verhoorhof se uitspraak verwys. Die verhoorhof het tereg, by die oorweging van beskuldigde 15 se alibi, op die getuienis as geheelgelet, en het tot die slotsom gekom dat beskuldigde 15 se alibi nie redelik moontlik waar kan wees nie. Gesien die sterk Staatsaak, beskuldigde 15 se onbevredigende en onwaarskynlike getuienis, en die vaagheid van sy alibi getuies (veral met betrekking tot

/57

57

tyd), kan dit onses insiens nie gesê word nie dat die verhoorhof fouteer het deur beskuldigde 15 se alibi te verwerp en te bevind dat hy op die toneel aanwesig was en klippe na die oorledene se huis gegooi het. Tot dié mate dus slaag sy appèl nie.

Beskuldigde 16

Beskuldigde 16 word net deur Magdalene uitgeken. Dit is gemene saak dat hulle mekaar goed ken. Magdalene het getuig dat sy beskuldigde 16 op drie verskillende geleenthede gesien het. Die eerste keer was voordat daar klippe na die oorledene se huis

gegooi is - toe omstandighede meer bevorderlik was vir

betroubare uitkenning. Beskuldigde 16 was deel van 'n groep mense onder wie beskuldigdes 5, 13 en 15 ook was. Dié groep was na aan die hek aan die regterkant van die Sethwala's se huis (soos uitgekyk word).

/58

58

Magdalene se getuienis dat beskuldigdes 2 en 10 deel was van die groep persone wat die oorledene voor die poskantoorhuisies aangerand het, is nie deur die verhoorhof aanvaar nie. Die nie-aanvaarding van haar getuienis in dié opsig spruit voort uit haar onvermoë om by 'n inspeksie ter plaatse sekere beskuldigdes wat aan haar bekend was (onder andere, beskuldigde 10), en wat gestaan het waar die oorledene gedood is, uit te ken vanaf waar sy na bewering die gebeure naby die poskantoorhuisies op 13 November aanskou het. Ofskoon die omstandighede by die twee geleenthede (d w s die dag van die voorval en dié van

die inspeksie) ietwat mag verskil het, bestaan daargeen oortuigende rede vir haar onvermoë om behoorlike uitkennings by die inspeksie te doen nie. Gevolglik kon die betroubaarheid van haar uitkenning van beskuldigdes 2 en 10 op 13 November onder die groep

/59

59

mense om die oorledene nie aanvaar word nie. Dit dui daarop dat Magdalene op die betrokke dag tot eerlike vergissing in staat was. Dit is 'n faktor wat in aanmerking geneem moet word by oorweging van die vraag of haar uitkenning van beskuldigde 16 aanvaar kan word as bo alle redelike twyfel betroubaar. In diê opsig is dit ook opvallend dat Roseline, wat beskuldigde 16 baie goed ken, en vir beskuldiges 5, 13 en 15 uitgeken het, nie vir beskuldigde 16 gesien het nie tussen die groep mense by die regterkantse hek (onder wie beskuldiges 5, 13 en 15 was).

Beskuldigde 16 se getuienis was kortliks soos

volg. Sy het op 13 November die vergadering op diesokkerveld bygewoon. Nadat die traanrook geskiet is, het sy met Kingstraat in die rigting van haar huis gehardloop. Daar het 'n Casspir van voor gekom, en sy hardloop toe in een van die erwe in wat aan Kingstraat

/60

60

grens. Nadat die Casspir verby is, het sy verder met Kingstraat langs huis toe gehardloop. Haar ouma, mev Anna Links, het die deur vir haar oopgemaak toe sy klop. Sy is die huis in en het dit nie oor die relevante tydperk weer verlaat nie. Sy ontken dat sy ooit die betrokke oggend voor die oorledene se huis was. Mev Links is as getuie geroep om beskuldigde

16 se weergawe te staaf. Die verhoorhof het bevind dat Magdalene se getuienis tot 'n mate deur Roseline en Linerose gestaaf word aangesien hulle bevestig dat 'n vroustem in Afrikaans die woorde wat Magdalene aan beskuldigde 16

toeskryf, geuiter het. Namens beskuldigde 16 is betoog dat hierdie bevinding op 'n mistasting neerkom omdat die getuienis van Roseline en Linerose nie beskuldigde 16 met die gebeure voor die oorledene se huis verbind nie, en gevolglik nie staving vir

/61

61 Magdalene se getuienis bied nie. Hierdie betoog gaan nie op nie. Soos reeds aangedui, waar staving gesoek word om die getuienis van 'n enkelgetuie te versterk of onderskraag, hoef dit nie noodwendig die beskuldigde met die misdaad te verbind nie. Klaarblyklik het die verhoorhof nie staving van laasgenoemde aard vereis nie. Die hof was net op soek na bevestigende bewysmateriaal buite Magdalene se getuienis. Dit was die woorde wat geuiter is wat Magdalene se aandag op beskuldigde 16 gevestig het. Die feit dat ander getuies ook die woorde (of soortgelyke woorde) gehoor het, dien dus as bevestigende bewysmateriaal omdat dit Magdalene se getuienis tot 'n mate meer waarskynlik maak. Gevolglik het die verhoorhof nie in diê opsig misgetas nie.

Waar die verhoorhof egter wel fouteer het, is in sy redes vir die verwerping van beskuldigde 16 se

/62

62

getuienis as leuenagtig. Dit is wel so dat beskuldigde 16 se getuienis dat die polisie die vergadering van 13 November aangekondig het, nie aanvaar kan word nie. Een van die vernaamste redes egter vir die verwerping van beskuldigde 16 se getuienis as leuenagtig het betrekking op haargetuienis aangaande die Casspir wat sy beweer sy in Kingstraat teëgekome het. Die verhoorhof het blykbaar bevind dat haar getuienis in dié opsig 'n versinsel is. As die getuienis in sy geheel gesien word, is daar egter nie ruimte vir die verwerping van haar getuienis wat dié aspek betref nie. Weliswaar het die

polisiegetuies getuig dat daar destyds net twee

Casspirs in Upington was. Volgens hulle was een, onder bevel van kaptein Botha, die betrokke dag naby die biersaal geparkeer. Die ander, onder bevel van kaptein Van Dyk, het eers die oggend van 13 November by

/63

63

die woonbuurt aangekom nadat die oorledene reeds gedood is. Daar is egter oorweldigende getuienis van die ander staatsgetuies dat daar op 'n sekere tydstip 'n Casspir (of soortgelyke voertuig) in 'n plein in Kingstraat ongeveer in lyn met die oorledene se huis, gestaan het. Na dié Casspir is klippe vanaf Pilaanestraat gegooi, en vanuit dié Casspir is traanrookna Pilaanestraat geskiet. Die Casspir was klaarblyklik nie dié van kaptein Botha nie. Daar is hoegenaamd geen getuienis nie om aan te dui dat kaptein Botha op enige tydstip sy Casspir na die plein in Kingstraat verskuif het. Trouens, Mnr Khambule

bevestig dat toe hy beskuldigde 10 se boodskap aankaptein Botha gaan oordra het, het sy (kaptein Botha se) Casspir nog altyd naby die biersaal gestaan. Op die getuienis moes daar dus nog 'n Casspir (of soortgelyke voertuig) in Kingstraat die oggend gewees

/64

64

het (ofskoon dit onseker is waarvandaan dit gekom het en aan wie dit behoort het). Die redelike moontlikheid kan nie uitgesluit word dat dit hierdie Casspir was wat beskuldigde 16 op pad huis toe teëgekome het nie. Gevolglik kan haar getuienis aangaande die aanwesigheid van 'n Casspir in Kingstraat nie as leuenagtig afgemaak word nie, en in die belangrike

opsig het die verhoorhof fouteer. In iedere geval is dit uiters onwaarskynlik dat beskuldigde 16 haar getuienis met betrekking tot die Casspir sou versin het aangesien dit haar saak geensins kon bevorder het nie. Ons is nie van voorneme om die verdere punte

van kritiek wat die verhoorhof teen beskuldigde 16 se

getuienis geopper het, te behandel nie. Daar was tydens betoog voor ons oortuigend aangetoon dat die meeste van hulle weinig om die lyf het. Daarbenewens het van hulle geen betrekking op die gebeure van 13

/65

65

November nie. Hulle is klaarblyklik nie sodanig dat hulle sonder meer die algehele verwerping van beskuldigde 16 se getuienis regverdig nie. Die verhoorhof het bevind dat mev Links se getuienis glad nie dié van beskuldigde 16 staaf nie. Weliswaar was mev Links se getuienis met betrekking tottyd vaag. Tot 'n mate is dit seker te wyte aan diefeit dat sy 'n ongeletterde persoon is wat nie tyd kan lees nie. Wat egter wel duidelik uit haar getuienis blyk, is dat beskuldigde 16 kort nadat sy die huis die oggend verlaat het, weer teruggekeer het, en dat sy met haar terugkeer moeg was soos iemand wat gehardloop

het. In die verband gebruik mev Links uitdrukkingssoos "sy was net 'n rukkie weg"; "so oor 'n ruk na sy weg is" en "sy het sommer weer teruggekom", wat almal op 'n betreklike kort tydsverloop dui. Haar getuienis bied dus prima facie staving van beskuldigde

/66

66

16 se alibi. Dit verhoorhof bevind nie dat sy 'n

leuenagtige getuie was nie. Hy maak ook geen nadelige bevindings ten opsigte van haar houding in die getuiebank nie. Laasgenoemde opmerking geld ook vir beskuldigde 16. Hierdie is by uitstek 'n grensgeval. Ons is gedagtig aan die voordeel wat 'n verhoorhof bo ons

geniet met die beoordeling van getuienis. Ons aanvaar dat Magdalene in die algemeen 'n betroubare getuie was. Dog is haar getuienis nie smetloos nie. Haar uitkenning van beskuldigdes 2 en 10 is nie aanvaar nie. Dit maak nie noodwendig haar uitkenningsvermoe oor 'n

korter afstand verdag nie. Dit dui net daarop dat, haar eie oortuiging ten spyt, daar ruimte vir eerlike vergissing aan haar kant is. Die verhoorhof het in minstens een belangrike opsig gefouteer in die verwerping van beskuldigde 16 se getuienis as vals.

/67

67

Van sy ander redes oortuig nie. Dit staan ons dus vry om tot ons eie gevolgtrekking te kom. Gesien die tersaaklike getuienis in sy geheel, kan daar onses insiens nie gesê word dat beskuldigde 16 se alibi nie redelike moontlik waar kan wees nie. Die Staat het hom gevolglik nie van sy bewyslas gekwyt nie. Beskuldigde 16 se appèl slaag dus en haar

skuldigbevinding en vonnis moet tersyde gestel word.

Beskuldigde 17

Beskuldigde 17 word net deur Linerose uitgeken. Dit is gemene saak dat hulle saam op skoolggk was, en mekaar goed ken. Volgens Linerose het sy haar

aandag op die klipgooiers gespits met die doel om hulle later te kan uitken. Dit verhoorhof het bevind dat Linerose (spesifiek met betrekking tot haar uitkenning van beskuldigde 17) "'n bevredigende en betroubare getuie [was] wie se getuienis sonder aarseling aanvaar kan word". Linerose se eerlikheid is bo

/68

68

verdenking, en haar getuienis is nie vir enige wesenlike kritiek vatbaar nie. Haar getuienis voldoen aan al die vereistes wat aan 'n enkelgetuie gestel word. Beskuldigde 17 se getuienis is kortliks soos volg. Sy het op 13 November die vergadering op diesokkerveld bygewoon. Destyds het sy saam met haar moeder, haar suster Monica en nog ander kinders te 492 Kingstraat gebly. Haar huis was nie baie ver van die sokkerveld geleë nie. Toe sy by die vergadering opdaag, was die mense besig om Nkosi Sikelele i Afrika te sing. Dit moes dus so skuins voor sewe-uur gewees

het. Sy het saam gesing. Toe die traanrook geskietis, het sy dadelik direk na haar oupa se huis gehardloop. Sy het haar moeder en Monica daar gekry. Dit was voor half-agt. Sy het daarna vir Monica gehelp om haar oupa se huis skoon te maak. Sy ontken dat sy ooit daardie dag in Pilanestraat was. Nadat sy van die vergadering af teruggekeer het, was sy

/69

69

die heeldag tuist Sy het mev Bostaander (haar moeder) en Monica as getuies geroep om haar alibi te steun. Soos blyk uit die verhoorhof se uitspraak is beskuldigde 17 se getuienis in verskeie opsigte vatbaar vir kritiek. Dit is nie nodig om op die punte van kritiek in te gaan nie. Ons volstaan daarby om te sê dat die kritiek geldig en behoorlik gegrond is. Die

verhoorhof het dan ook tereg bevind dat sy 'n

onbevredigende getuie was. Die Hof ook tot die slotsom geraak dat beskuldigde 17 se getuies nie haar alibi staaf nie, maar eerder haar hele verweer kelder. Soos later aangetoon sal word, is dit beslis in die geval van Monica waar. Die belangrike vraag wat opduik, is hoe laat beskuldigde 17 die betrokke oggend by haar oupa se huis aangekom het. Indien dit eers na agt-uur was, stort haar alibi verweer eenvoudig in duie. Dit sou beteken dat sy nie direk van die sokkerveld na haar

/70

70 oupa se huis gegaan het nie, en geleentheid gehad het om aan die gebeure in Pilanestrat mee te doen. Beskuldigde 17 en haar getuies stem ooreen dat beide mev Bostaander en Monica by die oupa se huis was toe beskuldigde 17 daar aankom.

Mev Bostaander het getuig dat sy die

Woensdagoggend reeds voor ses-uur hospitaal toe is om haar vader in die hospitaal te besoek. Hy het aan toring gely. Die getuienis dui nie aan hoe ver van haar huis die hospitaal is nie, maar dit moes redelik ver gewees het. Sy het nie lank by die hospitaal vertoef nie. Op pad terug het sy gesien dat daarmense op die sokkerveld was. Sy is eers na haar eie huis, en daarvandaan na haar vader (beskuldigde 17 se oupa) se huis. Monica was besig om die oupa se huis skoon te maak toe sy daar aankom. Sy was reeds voor sewe-uur tuis. Sy het op die stoep agter die huis

/71

71 gaan sit. Terwyl sy daar sit het sy skote vanaf die kafee se kant gehoor en daarna traanrook geruik. 'n Kort tyd daarna het beskuldigde 17 daar opgedaag. Mev Bostaander was nie seker van haar tye nie want volgens haar was daar nie 'n wekker by haar huis nie. In dié opsig word sy deur beide beskuldigde 17 en Monicaweerspreek. Die vraag kan gevra word waarom sy hieromtrent gejok het? Was dit dalk omdat sy die korrekte tyd wou verbloem? Monica het getuig dat beskuldigde 17 die Woensdagoggend reeds ongeveer ses-uur na die vergadering is. Volgens haar het haar moeder net voor

sewe-uur die huis verlaat op pad na die hospitaal. Haar getuienis in dié opsig klink meer waarskynlik as dié van haar moeder. Monica getuig verder dat haar moeder eers na agt-uur van die hospitaal af teruggekeer het. As sy in die opsig korrek is, beteken dit dat

/72

72

beskuldigde 17 eers na agt-uur teruggekeer het. Al sou Monica onseker wees omtrent haar tye, is dit duidelik vanuit haar getuienis dat (1) mev Bostaander eers 'n geruime tyd ná beskuldigde 17 die huis verlaat het, en (2) meer as 'n uur weg was. As beskuldigde 17 eers kort voor sewe-uur van die huis af weg is, kon mev Bostaander, wat die huis na haar verlaat het, nie alreeds voor ses-uur hospitaal toe gegaan het nie. En as sy (mev Bostaander) eers na beskuldigde 17 weg is, kon sy nie voor agt-uur teruggekeer het nie. Daar is onses insiens geen rede om Monica se getuienis nie te aanvaar nie. In die omstandighede

was die verhoorhof geregtig om Linerose se getuienis te

aanvaar, en dié van beskuldigde 17 te verwerp as synde nie redelik moontlik waar nie. Daar is dus bewys dat sy een van die persone was wat klippe na die oorledene se huis gegooi het. In dié opsig dus slaag haar appèl nie.

/73

73

Beskuldigde 22

Beskuldigde 22 is net deur mev Sethwala uitgeken. Die verhoorhof het gunstige bevindings oor haar as 'n getuie in die algemeen, en haar betroubaarheid in besonder, gemaak. Hoewel sy riie beskuldigde 22 se naam geken het nie, het sy getuig dat

sy hom gereeld voor 13 November in Pilanestraat sien op

en af stap het. Beskuldigde 22 bly in daardie omgewing en ontken nie dat hy gereeld met Pilanestraat langs geloop het nie. Mev Sethwala het dus voldoende voorafkennis van beskuldigde 22 se voorkoms gehad om haar in staat te stel om 'n betroubare uitkenning te

maak. Tydens die gebeure voor haar huis het sy haar

daarop toegespits om mense wat klippe na die huis gooi, te identifiseer. Sy het genoegsame geleentheid gehad om beskuldigde 22 te herken, en haar getuienis rondom haar uitkenning van beskuldigde 22 is nie

/74

74

vatbaar vir wesenlike kritiek nie. Beskuldigde 22 het altesaam drie verskillende weergawes gegee van waar hy op 13 November was. Aanvanklik het hy aan adjudant-offisier De Waal vertel dat hy op daardie datum in die Transkei was. In 'n

latere verklaring aan de Waal het hy egter erken dat hy

die vergadering op die sokkerveld bygewoon het. Tydens die verhoor het hy met 'n derde storie vorendag gekom. Hy het toe getuig dat hy op 13 November by sy ouers op Postmasburg was. Hy het sy meisie, Elizabeth Hamutu, as 'n getuie geroep om sy getuienis te staaf. Hulle getuienis is deur die verhoorhof as vals

verwerp - 'n bevinding wat nie op appèl bevraagteken is nie. Beskuldigde 22 was klaarblyklik 'n leuenagtige getuie, en die verwerping van sy alibi was ten volle geregverdig.

/75

75 Mev Sethwala se getuienis verbind beskuldigde 22 met die aanval op haar huis. Haar getuienis, insoverre dit beskuldigde 22 by die gebeure betrek, is op sigself nie vir kritiek vatbaar nie. As gevolg van die verwerping van sy getuienis as vals is beskuldigde 22 regtens in dieselfde posisie as sou hynie getuig het nie. In die omstandighede van die onderhawige saak onderskraag beskuldigde 22 se leuenagtigheid ipso facto die Staat se saak. Daar is geen getuienis om dié van mev Sethwala te weerlê nie, en dus minder rede om haar getuienis, of die betroubaarheid van haar uitkenning, in twyfel te trek (vgl S v Snyman 1968(2) SA 582(A) op 588 G - H). Anders gestel, sy leuenagtigheid verminder die gevaar dat mev Sethwala in haar uitkenning van hom gefouteer het. Afgesien hiervan is sy herhaalde leuenagtigheid in die onderhawige geval aanduidend van 'n skuldbesef

/76

76

en dus van aandadigheid.

In die omstandighede kan daar nie gesê word dat die verhoorhof fouteer het deur mev Sethwala se uitkenning van beskuldigde 22 te aanvaar nie, en te bevind dat hy een van die persone was wat klippe na haar huis gegooi het. Sy appél teen die verhoorhof se bevinding in dié verband slaag dus nie.

Beskuldigde 24

Beskuldigde 24 is ook slegs deur mev Sethwala

uitgeken. Volgens haar was hy tussen 'n groep menseaan die linkerkant van haar huis. Hy was ook een van

die klipgooiers. Sy het hom destyds net van siengeken. In antwoord op die vraag van waar sy homken, het sy geantwoord:

"Van sien, u Edele, hier in Paballelo woonbuurt. Hy beweeg ook op en af in Pilanestraat".

/77

77

In haar hoofgetuienis wy sy nie verder hieromtrent uitnie. Onder kruisondervraging was sy ietwat vaagaangaande hoe gereeld of dikwels sy hom voor dievoorval gesien het. Sy het erken dat sy nie voor 13November rede gehad het om sy gesig noukeurig te beskounie. Hy het ook geen besondere kenmerke gehad watuitkenning kon vergemaklik nie.

Mev Sethwala se getuienis met betrekking tot

hoe lank sy beskuldigde 24 die betrokke oggend onder oëgehad het en wat hy presies gedoen het, is ietwatteenstrydig. Die volgende passasie kom voor in haarkruisondervraging:

"Did you see him at the stage when he

released a stone from his hand? Yes, I saw him releasing a stone. What I want to know is, was that the first time you saw him, the first time your attention was drawn to him was when he was releasing a stone from his hand? As

/78

78 he came running towards and then throwing.

So you saw accused no 24 for the first time

before he threw a stone? --- That is correct.

And after he had thrown the stone did you

keep paying attention to him? --- I proceeded in the looking for others."

Haar getuienis op daardie tydstip was dus dat sy beskuldigde gesien het voor en toe hy 'n klip gegooi het, en dat sy daarna haar aandag op ander persone gevestig het. Dit kom nie heeltemal ooreen met wat sy effens later tydens haar kruisondervraging gesê het

nie, waar sy haar as volg uitgelaat het:

"Now when you saw accused no 24 did you see him for the first time at the stage that he released a stone from his hand? --- That is correct, as all the others I saw no 24 releasing a stone.

/79

79

And you did not pay any attention to him before he released the stone from his hand? --- No.

And after the stone had been released from his hand did you continue to pay attention to him? --- I paid some attention for some time on him.

What was he doing? ---- He ran backwards to look for another stone.

COURT: He ran which way? --- Backwards

MR LANDMAN: When he ran backwards are you saying he ran with his face towards you, or did he turn around and run back? --- He came back towards the house again.

So were you watching him when he came back

towards the house again? --- That is correct, with my attention on him to see him well and recognise him."

/80

80

Haar getuienis ten opsigte van beskuldigde 24 is dus vatbaar vir 'n mate van kritiek. Beskuldigde 24 se verweer was dat hy op 13 November die hele dag by die huis was waar hy na sy siek vader omgesien het. Hy het sy broer, Boetie Swartbooi, as getuie geroep om sy alibi te staaf. Die verhoorhof het bevind dat beskuldigde 24 en sy broer mekaar in verskeie opsigte weerspreek het, en dat daar ook heelwat onbevredigende aspekte in beskuldigde 24 se getuienis was. Afgesien hiervan maak die verhoorhof geen geloofwaardigheidsbevindings teen beskuldigde 24 en sy broer nie.

Die weersprekings waarna die verhoorhof

verwys het, is nie een wesenlik nie. Inteendeel, hulle is oor die algemeen heeltemal onbenullig. Voorbeelde daarvan is die volgende: of beskuldigde 24 vir Boetie in die kombuis of in die slaapkamer gevra

/81

81

het waarom hy nie skool toe is nie; of beskuldigde 24 die betrokke dag "kos" en pap, of net pap, gemaak het; wie van beskuldigde 24 en Boetie die oggend eerste opgestaan het. Daar moet in gedagte gehou word dat beskuldigde 24 en sy broer meer as 'n jaar na die gebeure getuig het. In die omstandighede kan verwag word dat hulle geheue omtrent alledaagse aangeleenthede sou vervaag het, en dat verskille onder hulle kon ontstaan. Dit sou inderdaad vreemd wees as hulle oor alle aspekte ooreengestem het. Aan die ander kant hou ons in gedagte dat beskuldigde 24 se alibi so eenvoudig is dat dit nie maklik weerlê kan word nie. Daar moet dus noukeurig op verskille gelet word. Maar voordat verskille in die getuienis van twee getuies 'n nadelige afleiding regverdig, moet die verskille sodanig wees dat tot die gevolgtrekking geraak kan word dat hulle op leuenagtigheid of

/82

82

oneerlikheid dui. Die verskille tussen beskuldigde 24 en sy broer is nie van so 'n aard nie. Hulle is ewe vatbaar vir die afleiding dat een van hulle 'n eerlike fout begaan het. Die verskille in hulle getuienis kon dus nie as grondslag dien vir die verwerping van hulle getuienis nie. In die verband is die afwesigheid van nadelige geloofwaardigheidsbevindings teen beskuldigde 24 en sy broer ook van belang.

Die sogenaamde onbevredigende aspekte in beskuldigde 24 se getuienis waarna die verhoorhof verwys, het eweneens min om die lyf. Een van hulle gaan oor wie beskuldigde 24 en ander persone beveel het

om 'n tafel en stoele op 'n voertuig te laai die dag van die uitkenningsparade; ander gaan oor waarom hy sy werk by die slagpale laat vaar het en hoekom hy nie 'n verlore bewysboek vervang het nie. Nie een van

/83

83

hierdie voorbeelde het iets met die gebeure van 13 November of die wesenlike geskilpunte te make nie. Onder hierdie hoof bevind die verhoorhof ook as onwaarskynlik beskuldigde 24 se getuienis dat wat hom betref alles in Paballelo normaal was tussen 10 - 12 November

1985. Beskuldigde 24 se huis is egter niegeleë in die nabye omgewing van waar die onluste en

aanvalle op verskillende persone se huise en eiendom plaasgevind het nie. Dit tesame met die feit dat hy, volgens hom, besig was oor dié tydperk om sy siek vader by die huis te versorg, kan sy getuienis in die verband verklaar.

Afgesien van die getuienis van mev Sethwala

bestaan daar geen behoorlike grondslag vir die verwerping van beskuldigde 24 en sy broer se getuienies nie. Soos reeds aangedui, was mev Sethwala se identifikasie van beskuldigde 24 tydens die klipgooiery

/84

84

bra skrams. By die deurlees van daardie gedeelte van haar getuienis word die indruk geskep dat dit met minder vertroue geskied het as, byvoorbeeld, die uitkenning van beskuldigde 22. Daarenteen is daar geen ernstige kritiek oor die wyse waarop beskuldigde 24 en sy broer getuig het. In dié geval bestaan daar net nie voldoende waarborg van betroubaarheid van mev Sethwala se getuienis dat daar bo redelike twyfel gesê kan word dat sy reg was en dat beskuldigde 24 en sy broer gevolglik verkeerd moes gewees het nie. Dit bring nie haar eerlikheid en betroubaarheid andersins in gedrang nie. Die moontlikheid van 'n eerlike vergissing aan haar kant in dié besondere geval kan nie uitgeskakel word nie - en waar dit die geval is, het die Staat nie daarin geslaag om beskuldigde 24 se skuld bo redelike twyfel te bewys nie. Sy appel moet dus slaag.

/85

85 Beskuldigde 25 In sy geval ook word hy net deur mev Sethwala uitgeken. Volgens haar het sy hom saam met beskuldiges 4, 8 en 18 in 'n groep aan die regterkant van haar huis gesien. Hy was ook een van die klip-gooiers. Mev Sethwala het getuig dat sy beskuldigde 25 net van sien ken. Sy het hom by geleentheid voor 13 November by haar bure, die Khambule's, opgelet. Sy het hom ook by die kafee gesien, en in die straat sien rondloop. Mev Sethwala het verder getuig dat alhoewel sy nie voor 13 November besondere aandag aan beskuldigde 25 gegee het nie, sy sy gesig goed kon onthou. As een van die klipgooiers het sy haar aandagop hom gvestig ten einde hom later te kon uitken. Na 13 November het sy hom dikwels by die Khambule's gesien. Daar is niks rondom haar uitkenning van beskuldigde 25 wat die betroubaarheid van haar

/86

86

getuienis enigsins verdag maak nie. Beskuldigde 25 het ontken dat hy op 13 November in Paballelo was. Hy het beweer dat hy daardie dag by die huis was van sy tante, mev Sarah Daries, in Blikkies, 'n kleurlingwoonbuurt in Upington. Volgens hom is hy die vorige middag (Dinsdag) soontoe, en hy het daar gebly tot die Sondag (behalwe dat hy vlugtig Donderdag huis toe was). Hy het ene Joseph Seloane, wat hom na bewering die Dinsdag na Blikkies vergesel het, asook sy moeder, mev Dora Goba, as getuies geroep om sy alibi te staaf. Die Staat het mev Daries as 'n getuie geroep. Soos reeds gemeld, is sy en beskuldigde 25 verwant aanmekaar. Hy het blykbaar al

dikwels in die verlede by haar gekuier, en daar het 'n goeie verhouding tussen hulle bestaan. Op die oog af bestaan daar dus geen rede waarom mev Daries teen beskuldigde 25 valslik sou

/87

87

getuig nie. Mev Daries het getuig dat sy op Woensdag 13 November om ongeveer half-vier die middag vanaf haar werk tuis gekom het. Sy het vroeër die dag gehoor dat 'n polisieman in Paballelo aan die brand gestee en vermoor is. Beskuldigde 25 en 'n maat het later diemiddag by haar huis aangekom. Beskuldigde 25 hetaan haar vertel dat sy moeder hom na haar gestuur het omdat daar probleme in Paballelo was. Volgens mev Daries het sy die Woensdagaand biduur toe gegaan endaarna is sy saam met beskuldigde 25 na die huislangsaan om televisie te gaan kyk. Beskuldigde 25 en

sy maat het die Woensdagaand by haar huis geslaap. Toe sy Donderdagmiddag van die huis af kom was hulle nie meer daar nie, maar hulle het later teruggekom en

tot Sondag gebly. Mev Daries se getuienis, indien

aanvaar, weerlê heeltemal beskuldigde 25 se alibi.

/88

88

Die verhoorhof het mev Daries se getuienis as "betroubaar en geloofwaardig" aanvaar. Sy het goeie rede om te onthou dat beskuldigde 25 die Woensdag by haar huis opgedaag het. Sy het op die Woensdag gehoor van die dood van 'n polisieman in Paballelo. (Dit kon net die oorledene gewees het.) Sy koppel beskuldigde 25 se aankoms by haar huis aan die dag wat sy dit gehoor het. Verder onthou sy dat sy die aand van beskuldigde 25 se aankoms biduur toe gegaan het en daarna saam met beskuldigde 25 televisie by haar bure gaan kyk het. Volgens haar word bidure op 'n Woensdag en nie 'n Dinsdag gehou nie. Dit is onwaarskynlik dat sy daaroor 'n fout sou kon maak. Onderkruisondervraging is pertinent aan haar gestel dat beskuldigde 25 sou sê dat hulle Dinsdagaand televisie by die bure gaan kyk het en meer bepaald na 'n program met die naam "Sondaarspoort". Later het beskuldigde

/89

89

25 onder kruisverhoor toegegee dat "Sondaarspoort" destyds op Woensdagaande en nie Dinsdagaande gedeeldsend was nie. Hy het toe erken dat dit wel Woensdagaand was dat hulle televisie gekyk het. Die rede wat hy aangevoer het waarom hy verkeerde instruksies aan sy advokaat gegee het, was dat hy daardie tyd nie kon konsentreer of logies dink nie.

Die verhoorhof het tereg opgemerk dat sy verduideliking in die verband "maar power" was. Namens beskuldigde 25 is betoog dat mev Daries se getuienis dat hy nie die Dinsdagaand by haar huis geslaap het nie, onbevredigend en teenstrydig was,

veral na aanleiding van die volgende passasie in haargetuienis:

"Het Vlekkie [beskuldigde 25] by jou huis

geslaap daardie Dinsdagaand? --- Vlekkie het nie by my huis geslaap nie. Ek kan nie onthou of hy daar geslaap het nie.

/90

90

Mevrou, u kan dit onthou dat hy nie daar geslaap het op die Dinsdagaand, is dit reg? --- Ek kan nie onthou nie.

Wel beskuldigde nr 25, Vlekkie, sê dat hy het by jou huis geslaap daardie Dinsdagaand, wat

sê u daarvan? --- Ek kan nie onthou dat

Vlekkie daardie aand by my huis geslaap het

nie."

Op die oog af bevat hierdie passasie botsende antwoorde. Dit is ook tot 'n mate dubbelsinnig. Die passasie moet egter nie in isolasie oorweeg word nie. Herhaalde kere voor en na die aangehaalde passasie het mev Daries bevestig dat beskuldigde 25 eers die Woensdagaand by haar huis geslaap het. As die passasie gesien word in die lig van haar getuienis in sy geheel, dan is dit heeltemal duidelik dat die

/91

91

strekking van haar getuienis deurgaans was dat beskuldigde 25 eers Woensdagmiddag by haar huis opgedaag het en nie Dinsdagmiddag nie. Die getuienis van beskuldigde 25 en sy getuies was in verskeie opsigte onbevredigend en onwaarskynlik. Beskuldigde 25 het aanvanklik getuig dat hy na mev Daries gegaan het op aandrang van sy moeder "om uit die onluste in die gebied uit te kom". Dit strook met die verduideliking wat Mev Daries sê hy aan haar gegee het waarom hy soontoe is. Later het beskuldigde 25 egter sy storie ietwat verander. Hy het toe beweer dat sy moeder hom na mev Daries gestuur het omdat sy senuwees op hol was en hy skielik maergeword het (blykbaar as gevolg van die gebeure in Paballelo). Toe sy moeder getuig, het sy dit bevestig as die rede waarom sy hom weggestuur het. Dit is egter baie onwaarskynlik dat hy om hierdie rede

/92

92

weg is. Hy het die vorige Sondag nog sokker gespeel en was blykbaar heeltemal gesond. Hy was nie direk deur die onrus geraak nie, en volgens hom was hy heeltemal veilig by sy eie huis. Daar was eintlik geen rede waarom hy ewe skielik ongesteld sou raak en gewig sou verloor nie. Dit is ook onwaarskynlik dat beskuldigde 25 van Sondag tot Dinsdag so maer sou word dat dit kommer sou wek. Oor sy beweerde gesondheidstoestand rep hy geen woord teenoor mev Daries nie. Ewe vreemd is die feit dat toe hy (volgens hom) Donderdag (en later weer Sondag) by die huis kom, doen sy moeder geen navraag oor sy gesondheid nie. Hierdie optrede rym eenvoudig nie met die rede wat sy moeder (en ook hy) gee waarom hy van die huis af weg is nie. Dit is nie nodig om op verdere onbevredigende aspekte van beskuldigde 25 en sy getuies se getuienis

/93

93

in te gaan nie. Onses insiens was die verhoorhof ten volle geregtig om mev Daries se getuienis te aanvaar en beskuldigde 25 se alibi as vals te verwerp. Met die verwerping van sy alibi en getuienis as leuenagtig bevind beskuldigde 25 hom in basies dieselfde posisie as beskuldigde 22 - daar is geen antwoord op die uitkennende getuienis van mev Sethwala nie. Daarbenewens dui beskuldigde se vlug na Blikkies die Woensdagmiddag, by ontstentenis aan enige ander aanvaarbare verduideliking, onteenseglik op 'n skuldbesef aan sy kant. Om hoofsaaklik dieselfde redes wat geld in die geval van beskuldigde 22 kan daar nie gesê word dat die verhoorhof fouteer het om mev Sethwala se uitkenning van beskuldigde 25 as een van die klipgooiers buite haar huis te aanvaar nie. Ook beskuldigde 25 se appèl slaag dus in die opsig nie.

/94

94

Beskuldigde 26 Soos in die geval van beskuldigdes 22, 24 en 25 word beskuldigde 26 ook slegs deur mev Sethwalauitgeken. Sy geval verskil egter van die ander beskuldigdes. Van die altesaam negentien persone wat mev Sethwala uitgewys het, is beskuldigde 26 die enigste wat sy nie voorheen by naam of van sien gekenhet nie. Sy het hom die betrokke dag vir die eerste keer gesien onder 'n groot groep luidrugtige persone wat rondgemaak en klippe na haar huis gegooi het. Afgesien daarvan dat hy na bewering een van talle persone was wat klippe gegooi het, het hy niks gedoen om aandag pertinent op homself te vestig nie. Hy

het ook geen uitstaande fisiese kenmerke wat uitkenning van hom kon vergemaklik nie. Die omstandighede wat daardie dag geheers het, en die gemoedstoestand van mev Sethwala, was eenvoudig nie bevordelik vir die

/95

95

betroubare uitkenning van 'n totale vreemdeling nie.

Met verwysing na mev Sethwala se uitkenning

van beskuldigde 26 bevind die verhoorhof soos volg:

"Uit die getuienis as geheel geoordeel kom die hof tot die gevolgtrekking dat Beatrice 'n fyn waarnemer is met 'n goeie geheue. Dit het ook geblyk uit haar uitkenning van beskuldigdes waarvoor daar baie staving is."

Uit die aard van die saak kon van mev Sethwala verwag word om, ondanks die moeilike omstandighede, kennis te neem van mense in die skare voor haar huis wat sy voorheen geken of gesien het. Dit is onwaarskynlik dat onder 'n skare waarvan sy baie mense geken het, sy nougeset en doelgerig sou konsentreer op 'n vreemdelingwie se optrede nie verskil het van 'n menigte ander persone in die skare nie. Dit volg nie dat omdat haar uitkenning van ander beskuldigdes betroubaar was, dié van beskuldigde 26 noodwendig ook betroubaar is nie.

/96

96

Die moontlikheid van 'n eerlike vergissing bestaan nog altyd, en daar moet dus gelet word op die omstandighede van elke afsonderlike geval.

Beskuldigde 26 het aanvanklik 'n valse verduideliking verstrek van waar hy op 13 November was. Hy het beweer dat hy die betrokke dag op Keimoes was. By sy verhoor het hy erken dat hy die vergadering op die sokkerveld bygewoon het. Hy het egter beweer dat hy onmiddellik nadat die vergadering deur die vuur van traanrook beëindig is, huistoe gegaan en daar gebly het die res van die dag. Hy het ene Lawana Skei as getuie geroep om sy getuienis te ondersteun. Na 'n volledige ontleding van die getuienis

van beskuldigde 26 en Lawana het die verhoorhof tot die gevolgtrekking gekom dat hulle storie opgemaak was en is dit as vals verwerp. Die verhoorhof mag reg gewees het. Selfs al word dit in ag geneem, in die

/97

97

sin dat daar dan niks was om mev Sethwala se getuienis te weerspreek nie, bly haar getuienis, wat beskuldigde 26 betref, en vir die redes reeds vermeld, net nie oortuigend genoeg nie. Gedagtig daaraan dat sy beskuldigde 26 vooraf nie geken het nie, hom in die warboel van die gebeure eintlik maar net vir 'n geringe

tydperk onder 'n groot getal samedrommende mense gewaar het, bestaan die redelike moontlikheid dat sy haar eerlik met hom misgis het. Dit werp nie 'n refleksie op haar getuienis origins nie - dit is net 'n geval waar voldoende waarborg van betroubaarheid ontbreek. Die feit dat mev Sethwala vir beskuldigde 26 by die uitkenningsparade uitgewys het, dra min gewig en verminder nie die gevaar van 'n eerlike vergissing nie (vgl R v T (supra) op 681H). Dit is gevolglik te verstane waarom mnr van Rensburg namens die Staat, heeltemal tereg, bedenkinge oor die korrektheid van

/98

98

beskuldigde 26 se skuldigbevinding gekoester het. Sy appèl slaag dus ook. Weens die voorgaande moet beskuldigdes 16, 24 en 26 se appelle teen hul skuldigbevindinge slaag, en moet hulle vrygespreek word. Beskuldigdes 9 en 10 appelleer slegs teen hul vonnisse, en hul skuldigbevindinge aan moord sal bly staan. Ten opsigte van al die ander appellante moet daar nou besluit word of hulle in die lig van die bewese feite korrek aan moord skuldig bevind is. Om 'n persoon aan moord skuldig te bevind moet daar bewys wees dat hy die opset gehad het om die oorledene te dood (mens rea), en, in die algemeengesproke, dat hy die daad (actus reus) gepleeg het wat die oorledene se dood veroorsaak het. In gevalle van gesamentlike optrede soos die onderhawige word daar onder bepaalde omstandighede afgesien van die vereiste

/99 99

dat die beskuldigde self die doodveroorsakende actus reus gepleeg het. Ons kom later weer hierop terug. Die vereiste van mens rea is egter absoluut en is nie onderhewig aan uitsonderings nie. Geen persoon kan aan moord skuldig bevind word as hy nie die opset (in een van sy verskyningsvorms) gehad het om die oorledene te dood nie.

Die hof a quo het die skuld van die

appellante as volg benader. Na 'n bespreking van die getuienis bevind die hof dat een of meer van die skaredie oorledene op Woensdagoggend 13 November 1985 gedood het. Die hof stel homself dan die volgende vrae:

- "1. Het die skare 'n opset gevorm om die oorledene te dood?
2. Indien wel, wanneer het hulle die opset gevorm?
3. Het die beskuldigdes, nadat die opset om die oorledene te dood gevorm is, 'n bydrae gelewer ter bereiking van hierdie doel?"

99/

100

Vrae 1 en 2 slaan op die beskuldigdes se opset, terwyl vraag 3 met die actus reus te doen het.

Wat vraag 1 betref, word bevind "dat op die getuienis as geheel die hof sonder enige twyfel tot die slotsom moet kom dat die oorledene se huis en persoon aangeval is met die opset om hom te dood". Hierdie bevinding word soos volg gemotiveer.

Eerstens hou die hof in gedagte wat by die oorledene se huis en vooraf gebeur het. Die hof som dit soos volg op. Reeds vanaf die voorval op die sokkerveld op Sondag 10 November was daar ernstige onrus in Paballelo, en veral persone ingesagsposisies soos raadslede en -amptenare en polisie was die skyf van aanvalle. Op 13 November het die mense 'n vergadering belê en die skare op die veld het die polisie se bevele verontagsaam. Geweld

is toe teen die skare gebruik en die skare het op

hulle beurt

100/ 101

geweld gebruik, soos die afbreek van die biersaal semuur en die poging om die biersaal aan die brand te

steek. Daarna was daar die botsing tussen die groep

in Pilanestraat en die polisie in Kingstraat. Toe ditverby was, het die skare hulle aandag toegespits opdie oorledene en sy huis. Die hof verwys dan na die

staatsgetuienis, en veral dié van mev. Sethwala, oordie bespreking wat plaasgevind het voordat dieoorledene se huis aangeval is, en bevind soos volg:

"Uit die opmerkings en optrede van die skare blyk dit onteenseglik dat die skare ietterlik agter oorledene se bloed was. Die besluit om die huis met klippe te bestook was duidelik hie soseer om die huis te beskadig nie, alhoewel dit

'n noodwendige gevolg was, maar om oorledene uit die huis te kry. Dit is dus nie soos namens die verdediging betoog is dat daar van die skare geaarsel het om op te tree nie. Die vraag was net wat die mees effektiewe optrede sou wees."

Die hof verwys dan na die uitdrukkings wat

deur sommige mense in die skare gebruik is, en na die

feit dat die oorledene die indruk gekry het dat die

101/ 102

skare die huis wou aanval, wat dan ook gebeur het.Die hof sê vervolgens:

"Daar kan nie die minste twyfel wees dat die skare met die aanval op die huis beoog het om die oorledene uit die huis te dryf nie en soos verwag kon word, het die skare in hul doel geslaag en oorledene uit die huis gedryf."

Onder die skare wat op tussen 100 en 200 geskat is, was daar ook beskuldigdes wat deelgeneem het aan die aanval op die huis.

Nadat die oorledene uit die huis gedryf wasen die skare dit agtergekom het, is die aanval op diehuis gestaak en is die oorledene agtervolg, uiteindelik ingehaal en neergevel. Daarna is petroloor hom gegooi en aan die brand gesteeek.

Die getuienis dui onteenseglik daarop, bevind die hof, dat daar geen onderbreking in die aanval was nie: die skare het slegs effens teruggedeins toe oorledene uit die huis uit geskiet

102/ 103

het. Dit was 'n volgehoue en meedoënlose aanval watvoortgeduur het totdat die doel bereik is. Opsommendbevind die hof soos volg:

"Uit die optrede as geheel en veral ook die opmerkings gedurende en na die aanval, kan daar maar net een afleiding gemaak word, naamlik dat die skare met die hele optrede slegs een doel gehad het, nl om oorledene dood te maak. Uit die getuienis blyk dit dat dit daardie tyd, die patroon was dat mense met klippe gegooi word, gejaag word en doodgemaak en aan die brand gesteeek word. Die bewysstukke wat op die toneel na die voorval gevind is dui maar net verder op die middele wat gebruik is: petrolkanne, voorwerpe wat gebruik word om petrolbomme te maak, die gebreekte geweer, klippe, ens. Die liggaam toon ook, benewens die twee skedelfrakturte en die brandwonde, messteke en baie kneusings. Die hof moet dus sonder enige twyfel tot die slotsom kom dat die persone wat die oorledene gedood het, bedoel het, dus die opset gehad het, om die oorledene te dood. Die opsetvorm kan net dolus directus

- direkte opset - wees. Die aan die brand steek van die oorledene, al was dit na hy reeds dood was, dui maar net verder aan dat hulle wou seker maak dat hy sterf."

Die hof gaan dan oor na die bespreking van 103/

104

die tweede vraag wat hy gestel het, t.w.: wanneer hetdie skare die opset gevorm om oorledene te dood?Hierdie vraag word soos volg beantwoord:

"Alhoewel daar betoog is dat die opset reeds op Sondag 10 11 85 se vergadering gevorm is en daar baie vir die argument te sê is, meen ons nie dat dit nodig is om daaroor uitsluitel te gee nie. Daar kan geen twyfel wees dat die skare of groep voor oorledene se huis op 13 11 85 besluit het om oorledene dood te maak nie. Daar was 'n beraadslaging en daarna het die aanval begin en dit het voortgeduur totdat die oorledene gedood is."

Die derde vraag, t.w., watter bydrae elkebeskuldigde ter bereiking van die skare se opset omdie oorledene te dood gelever het, hoef ons nie tanste bespreek nie: dit is gerieflik om eers net met die

vereiste van opset te handel. Die hof se bevindinge oor opset kan, meenons, soos volg saamgevat word:

1. Daar was een enkele skare wat die oorledene

104/ 105 se huis en persoon aangeval het en waarvan die appellante lede was.

2. Hierdie skare het deurgaans net een opset gehad, nl. om die oorledene te dood.
3. Alles wat die skare gedoen het, vandat hulle die oorledene se huis met klippe bestook het totdat hulle sy liggaam aan die brand gestee het, was gedoen ter vervulling van die opset om die oorledene te dood. Voordat die getuienis oor hierdie aspekte

bespreek word, wil ons net iets sê omtrent die hof a quo se algemene benadering. Die beskuldigdes het voor die hof gestaan as individue, en die hof kon geen

individuele beskuldigde aan moord skuldig bevind tensy daar 'n redelike twyfel bewys is dat daardië beskuldigde die opset om te dood gehad het nie. Die bevinding van opset is deur die hof gemaak op 'n

105/

106

veralgemeende basis: daar is bevind dat al die beskuldigdes die nodige opset gehad het aangesien die skare die opset gehad het. Wat ook al die posisie mag wees in die sielkunde of sosiologie, kan 'n skare as sodanig nie in die strafreg 'n relevante opset hê nie. Waar daar dus gepraat word van die skare se opset in

hierdie verband, word daar eintlik bedoel die opset van elke lid van die skare. In logika kan daar natuurlik nie 'n beswaar wees teen 'n sillogisme wat soos volg lui nie: elke lid van die skare (of kortweg, die skare) het 'n opset om te dood gehad; die beskuldigdes was lede van die skare; derhalwe het die beskuldigdes die opset gehad om te dood. Soortgelykewoordgebruik en gevolgtrekkinge vind 'n mens byvoorbeeld in sake soos *S v. Safatsa and Others* 1988(1) SA 868 (A) (kyk veral op bl. 901 H-J) en *S v. Motaung and Others* 1990(4) SA 485 (A) (kyk veral op

106/

107

bl. 525 D-J). 'n Mens moet egter steeds in gedagte hou dat wat bewys moet word, is die opset van elke beskuldigde. As gepoog word om daardie opset af te lei van die geestesgesteldheid van 'n groter groep mense, kan so 'n afleiding alleen geregverdig word waar die hof geen redelike twyfel het nie dat al die ledevan die groep wel so 'n eensgesinde opset gehad het, en dat die beskuldigde 'n lid van daardie groep was in die sin dat hy daardie opset gedeel het. Ons gaan nou oor na 'n oorweging van die getuienis om te bepaal of die hof a quo korrek was om te bevind dat die beskuldigdes as lede van die skare die opset gehad het om die oorledene te dood. Soosdie hof a quo gedoen het, begin ons met die voorafgaande gebeure.

Hoewel daar duidelik heelwat ontevredenheid onder die inwoners van Paballelo was, was daar geen

107/

108 openlike onrus voor Sondag 10 November nie. Soos hierbo gemeld, was daar op daardie middag 'n vergadering in die Shimanesaal wat uitloop het op 'n mate van oproer. Gedurende daardie nag is verskeie huise onder die klippe gestee en brandstigting of pogings tot brandstigting het voorgekom. Die persone wat aldus aangeval is, was 'n munisipale polisieman, 'n huurmotorbestuurder, die senior stadsclerk, twee onderwysers en 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie. Nie een van die persone wat aangeval is, is gedood of, sover dit blyk, beseer nie. Op Maandag het die polisie toegeslaan om die orde te handhaaf, en 'n persoon is in polisie-optrede dood. Tussen Sondagnag

en Woensdagoggend was daar geen ernstige gevalle van geweldpleging van die kant van inwoners van Paballelo nie.

Die hof a quo het bevind dat, hoewel daar 108/

109

baie te sê is vir die argument dat daar reeds 'n opset by die vergadering op Sondag gevorm is om die oorledene te dood, dit nie nodig is om daaroor uitsluitel te gee nie. Namens die Staat is daar nie voor ons betoog dat so 'n opset reeds op Sondag gevorm is nie. Dit is dus nie nodig om hierdie moontlikheidsbreedvoerig te bespreek nie maar dit is nogtans nodig om 'n paar woorde daaromtrent te sê. Uit die getuienis is dit duidelik dat daar by die inwoners van Paballelo, of sommige van die inwoners, 'n mate van wrevel teen sekere persone, insluitende die oorledene, was, en dat daar by Sondag se vergadering op antagonistiese wyse na hom, onder andere, verwys is. Dit is sekerlik moontlik dat sommige van die aanwesiges hom leed wou aandoen, en dit is denkbaar dat van hulle nie vir sy moord sou teruggedeins het nie. Daar is egter geen getuienis dat daar toe reeds

109/ 110

'n wydverspreide bedoeling was om hom te vermoor nie, en geen bewys hoegenaamd dat enige van, die beskuldigdes so 'n bedoeling gekoester het nie. Inderdaad is niemand in die aanvalle. daardie aand gedood nie, en was die oorledene nie eers 'n skyf nie.

Die volgende belangrike gebeurtenis was die vergadering Woensdagoggend 13 November. Soos reeds gemeld het sommige beskuldigdes getuig dat hierdie vergadering deur kaptein Van Dyk van die Suid-Afrikaanse Polisie belê was, maar die verhoorhof het bevind dat dit nie die waarheid was nie. Hierdie bevinding is tereg nie voor ons aangeveg nie. Dit is egter duidelik dat baie van die aanwesiges by die vergadering onder die indruk was dat die polisie dit belê het. Mense wat dink dat dit die polisie se vergadering is wat hulle bywoon, is waarskynlik

110/

111

wetsgehoorsame burgers eerder as oproeriges. Ander is oorreed of geïntimideer om die vergadering by te woon, en was daar teen hul sin. Daar is dus geen regverdiging om te veronderstel dat die nagenoeg 3 000 mense wat by die vergadering was, enige onwettige optredê

beoog het nie. Inderdaad het die vergadering vreedsaam verloop totdat die polisie traanrook gevuur het. Wat die oogmerke van die vergadering se organiseerders was, weet 'n mens natuurlik nie. Dit mag wel wees, soos mn. Van Rensburg namens die Staat betoog het, dat hulle bedoel het om die staatsgesag uit te tart deur 'n onwettige vergadering te hou. Daar was sekerlik uittarting deurseker persone nadat die polisie die skare beveel het om uiteen te gaan. Sommige het die aanwesiges aangemoedig om nie gehoor te gee nie, en die meeste mense het aangebly. Kortom: dat daar mense was wat

111/

112 moeilikheid wou maak, kan aanvaar word. Dat hulle die moord van enige persoon beoog het, is egter nie bewys nie. En, wat nog die belangrikste is, daar is geen getuienis dat enige van die beskuldigdes die vergadering georganiseer of bygewoon het met enige moorddadige oogmerke nie. (Slegs beskuldigdes-10, 11 en 20 word met die organisasie of beheer van die vergadering verbind en daar is nie getuienis dat al die beskuldigdes dit bygewoon het nie).

Wat het dan gelei tot die aanval op die huis van die oorledene en uiteindelik tot sy dood? Om hierdie vraag te beantwoord moet 'n mens probeer afleidinge maak uit die bewese feite. Om mee te

begin: soos reeds gemeld was die vergadering, op die sokkerveld aanvanklik vreedsaam. Die vonk wat die geweld laat ontbrand het, was die gebruik van traanrook deur die polisie. Deur dit te sê bedoel ons

112/

113

nie om die polisie te kritiseer nie - daar was 'n onwettige vergadering wat geweier het om uiteen te gaan, en versuim deur die polisie om op te tree kon moontlik gevaarliker as optrede gewees het. Hoe dit ook al sy, die werklikheid was dat die skare se bui aansienlik versleg het nadat traanrook geskiet is.

Dit blyk duidelik uit die video-opname van die

gebeure. Daarbenewens is dit 'n gewone reaksie op traanrook. Kaptein Van Dyk, wat ervaring met die bekampings van onluste het, het dit soos volg gestel:

"... geweld lok geweld uit, dit is my sienswyse.. Ek kan ... sê feitlik sonder uitsondering waar die polisie opgetree het teen groepe mense en traanrook gebruik het, dan gaan dit oor na algemene geweldpleging in 'n Swart woonbuurt."

Die geweld wat uitgebreek het toe die

traangas geskiet is, is reeds hierbo beskryf. Daar sal onthou word dat daar onder meer 'n groep in Pilanestraat in die omgewing van die oorledene se huis

113/114 bymekaargekom het. Die rede vir die byeenkoms is nie duidelik nie. Namens die appellante is geargumenteer dat Pilanestraat 'n deurgangstraat is, en dat baie lede van die skare op pad huis toe was toe hulle in die gebeure in Pilanestraat vasgevang is. Daar is ook getuienis dat sommige mense nie by hierdiesamedromming gestop het nie, maar verder inPilanestraat afbeweeg het. Die groep wat naby die oorledene se huis gebly het, het aanvanklik geen belangstelling in die oorledene getoon nie, maar was in 'n skermutseling met die polisie in Kingstraat betrokke. Dit was eers nadat die polisie inKingstraat blykbaar vertrek het, dat die aanwesiges seaandag op die oorledene gevestig is. Mev. Sethwala.se getuienis hieromtrent is soos volg. Sy vertel dat nadat die skare opgehou het om die polisie met klippe te gooi, die oorledene na 'n rukkie opgemerk het: "Dit

114/

115

lyk vir my die mense wil nou hierdie huis aanval." Mev. Sethwala se getuienis gaan dan soos volg voort (ek haal dit in extenso aan want dis van kernbelang vir hierdie deel van die saak).

"Ja goed, wat gebeur toe daarna? --- Ek het toe

die kamer se deur oopgemaak, u Edele en na ek die deur oopgemaak het, hoor ek die mense daar praat, want hulle het nie onmiddellik, die huis met klippe aangeval nie.

Ja, wat het u gehoor? --- Party van die mense

het gesê, ' Kom ons haal hierdie hond lewendig uit en ons sit 'n halssnoer lewendig aan hom. '

Wat beteken hierdie halssnoer? --- Die mense het gepraat dat dit 'n buiteband halssnoer is.

En as hulle die buiteband dan om hom sit, wat

gebeur dan? --- Dan word hy, die buiteband aan

die brand gestee en dit is aan hom terwyl hy nog lewe.

Goed, u sê party mense het dit gesê. Was daar ander wat iets anders gesê het? --- En die andersê, 'Nee, gooi die huis'. En die ander sê,

'Nee, maar die huis behoort nie aan hom nie, dit is sy ouers se huis.'

Ja en toe? --- Die stryery het 'n tydjie geduur

en op 'n stadium het ek ook gehoor dat die ander sê, 'Hy is nie in die huis nie' en die ander sê,'Nee, Jetta is hier in die huis.'

Ja en toe? --- Net na 'n kort rukkie, u Edele,

het dit vir my gelyk dat die mense wat sê die huis moet met klippe gegooi word het gewen, want

115/

116 hulle het toe onmiddellik begin die huis met klippe gooi."

Onder kruisverhoor het sy verder hierop

uitgebrei:

"Now I want to get on to what was said outside your house before the stones were thrown. Did you hear people speaking outside your house before the stones were thrown? --- Yes. Now, did it seem to you that some people wanted to stone the house, whilst other people wanted to pull or grab the deceased out of the house? --- That is correct. Now, did it sound to you as if there was a strong argument taking place outside the house between those who wanted to stone the house and those who wanted to grab the deceased out ? --- Yes, there was such an argument. And at the time this argument was taking place where were you? --- I am in the large bedroom. Were you under the bed at that stage? --- I do not remember that I was under the bed at that stage. Now, do you know how many people were taking part in this argument? --- I would not know.. Now at some stage you heard a song being sung outside the house, is that correct? --- That is right. Was that song sung before or after or during the stoning of the house? --- Before or after? Was the song sung before the stoning took place or after the stones were thrown or whilst the

116/

117

stones were being thrown? --- During this argument it was not just an argument alone, it was an argument and some are singing and some are doing that viva, and some sing 'Ma punainja' and all those things. When they started to throw stones at the house, were they still singing or had the singing

stopped? --- When the stone throwing started this loud noise, argument and such had not yet stopped it is still continuing. So did it appear to you that there was

disagreement between the people outside the house? --- Well I think the final agreement was to throw stones at my house. But whilst the stones were thrown there was still disagreement is that the case? --- Because you say the argument continued whilst the stones were being thrown? --- Your Honour this whole thing started in this manner there were those that were saying 'let us throw stones at the house' and some would say 'no, it is the old lady's house' and then there were others who would say at the same time 'laat ons die hond lewendig uitkry dat ons hom lewendig aan die brand steek met 'n tyre necklace om sy nek.' Then there is this noise Viva. 'Let the news terrier die.' And did this carry on until after they began throwing stones, whilst they were throwing stones, were they still arguing like this about whether the house should be stoned, about whether the deceased must be brought out of the house alive? --- Yes, this continued until at a

stage they started throwing stones at the house,

117/

118

whilst the stones were being thrown at the house they started singing 'uma boza jabola maskwela keskwe' and all that."

Hierdie getuienis, meen ons, regverdig die

volgende kommentaar:

- a) Dit lyk onwaarskynlik dat die skare voor die oorledene se huis vergader het met die doel om hom aan te val. Dit was eers nadat die botsing met die polisie verby was dat die mense se aandag na die oorledene gekeer was, en selfs toe was daar 'n pouse voordat die huis aangeval was.
- b) Die rede waarom die oorledene die volgende skyf was is waarskynlik dat hy byderhand was, dat hy h

munisipale polisieman was, en dat daar duidelik

antagonisme teenoor hom onder sekere inwoners van Paballelo was, soos blyk uit die verwysings na hom by die vergadering op Sondag 11 November. Daarbenewens mag die struweling tussen hom en beskuldigdes 18 en 19

118/119 oor hul gebruik van die waterkraan ten dele bygedra het tot die skare se vryandiggesindheid. c) Ten spyte van bogemelde was daar geen eensgesindheid onder die skare oor wat hul optrede behoort te wees nie. Party mense wou bloot klippe gooi. Ander wou die oorledene lewendig uit die huishaal en verbrand. Sommige het daarop gewys dat die huis nie aan die oorledene behoort nie, en dat dit dus geen doel sou dien om die huis aan te val nie. Indien hierdie mense die implikasies van hul standpunt deurdink het, sou hulle vermoedelik ten gunste daarvan gewees het dat daar òf niks gedoen word nie, òf dat die oorledene lewendig uit die huis gehaal moes word sonder om die huis te beskadig. Ander mense het weer getwyfel of die oorledene hoegenaamd in die huis was. Intussen was daar mense wat geskree, gedans en gesing het.

119/

120 d) Soos blyk uit die aanhalings hierbo, het mev. Sethwala die skare se optrede vertolk as 'n oorwinning vir die faksie wat klipgooiery voorgestaan het. Dit is egter onwaarskynlik dat daar in die algemene harwar wat geheers het, enige eensgesindheid onder die skare was. Die standpunte wat vroeër uitgespreek was, is

vermoedelik steeds gehuldig deur sommige lede van dieskare. Die passasies uit mev. Sethwala se getuienis wat hierbo aangehaal word vorm die hoeksteen van die hof a quo se bevinding dat die skare voor haar huis 'n eenparige opset gehad het om die oorledene uit te dryfsodat hy vermoor kon word. Soos ons hierbo aangeduihet, toon die passasies eerder die teendeel - dit toon twyfel, onsekerheid en meningsverskil. En selfs al sou 'n mens veronderstel dat diegene wat klipgooi voorgestaan het, uiteindelik eenparige steun vir hul

120/

121 standpunt verwerf het (wat in so 'n chaotiese situasie onwaarskynlik voorkom), is daar geen getuienis dat die klipgooiers se oogmerk was om die oorledene uit die huis te dryf nie.

Klipgooiery alleen was nie bereken om hom uit te dryf nie - die huis het voldoende beskerming teen klippe gebied, en polisie-hulp kon te eniger oomblik verwag word. Hierdie feite moes aan die klipgooiers bekend gewees het, maar hulle het geen stappe gedoen om die huis of die perseel te betree, of om ander maatreels (soos die gooi van petrolbomme) te tref om die inwoners uit die huis te dryf nie. Hoewel sommige mense geskree het dat die oorledene vermoor moet word, is daar geen getuienis dat al die klipgooiers dit gehoor het, of daarmee saamgestem het nie.

Weens die voorgaande meen ons nie dat die skare se optrede voor en gedurende die klipgooiery

121/ 122

aandui dat die hele skare bedoel het om die oorledene uit die huis te dryf sodat hy vermoor kon word nie. Weliswaar het die inwoners gevrees vir hul lewens. Onder die omstandighede was dit verstaanbaar, veral waar daar beslis 'n seksie van die skare was wat die oorledene se dood gesoek het. Daar kan egter nieonses insiens bevind word dat dit die opset van die hele skare was nie. Die volgende vraag is dan of so 'n opset afgelei kan word van die skare se latere optrede. Die getuienis hieromtrent is soos volg. Dit blyk dat nadat die klipgooiery 'n tyd geduur het, die oorledene 'n paar skote uit die huis geskiet het. Hy het 'n kind raakgeskiet, gelukkig nie noodlottig nie. Daarna het hy sy huis deur die agterdeur verlaat en na 'n buurvrou (Maria Makabane) se huis gegaan. Die vrou was onwillig om die oorledene

122/

123

skuiling te gee, en hy is toe eers na 'n ander perseel, waarna hy in 'n plein rofweg noordwes van sy huis uitgekom het. Nadat die oorledene reeds sy huis verlaat het, het beskuldigde 4 op die perseel gekom en 'n klip deur die venster gegooi. Sover die getuienis strek, was dit die enigste keer dat een van die aanvallers werklik op die oorledene se perseel was. Hoewel daar mense was wat uitgeroep het toe die oorledene na erf 407 (Maria Makabane se erf) gegaan het, het niemand hom gevolg nie. (Dit is op sigself 'n aanduiding dat die skare op daardie stadium nie noodwendig die oorledene se dood gesoek het nie). Daar was steeds 'n mate van klipgooiery hoewelafnemend, en volgens Desmond Khambule het sekere mense weggehardloop toe die oorledene geskiet het, eh het ander mettertyd afbeweeg in die rigting van die Shimanesaal (d.w.s. in rofweg die teenoorgestelde

124

rigting as wat die oorledene gevlug het). Die getuienis van mnr. Douglas Khambule oor waar die skare op verskillende tye was, is insiggewend. Daar sal onthou word dat mnr. Khambule, wat die oorledene se buurman was, deur beskuldigde 10 genader is om met kaptein Botha te gaan praat. Dit het gebeur terwyl klippe gegooi is na die polisie in Kingstraat, d.w.s. voordat die aanval op die oorledene se huis begin het. Mnr. Khambule het ingestem en na kaptein Botha gegaan. By sy terugkeer het hy 'n groot groep mense in Imaliestraat tussen die kliniek en huis 479 gevind voordat hy die kruising van Pilanestraat en Imaliestraat bereik het. Hy het aan hierdie menseverslag gedoen. Aangesien dit beskuldigde 10 was wat hom versoek het om na die polisie te gaan, kan 'n mens miskien aflei dat beskuldigde 10 tussen hierdie mense was toe mnr. Khambule met hulle gepraat het. As dit

124/

so was, het beskuldigde 10 in mnr. Khambule se afwesigheid deelgeneem aan die aanval op die oorledene se huis (hieroor is daar die aanvaarde getuienis van inwoners van die huis). Hoe dit ook al sy, mnr. Khambule het aangeloop om die draai na sy huis in Pilanestraat, waar die aanval op die oorledene se huissedert sy vertrek 'n aanvang geneem het en by sy terugkeer nog voortgeduur het. Hy sien beskuldigde 4 in die oorledene se agterplaas terwyl beskuldigde 4 'n klip gooi. Soos ons vroeër gemeld het, was die oorledene toe reeds uit die huis. Volgens Desmond Khambule se getuienis moes die mense kort daarna in die rigting van Imaliestraat beweeg het, want toe die oorledene weer in Pilanestraat gekom het, was daar, volgens Desmond, nie meer mense in Pilanestraat nie. Dit verduidelik dan ook waarom die oorledene teruggehardloop het in die

125/ 126

rigting van die Shimanesaal (d.w.s. rofweg suid-oos). Sy vlug na huis 407 en verder het hom na die plein aan die noord-westekant van sy huis gebring. Sover ons weet was daar niks wat hom verhinder het om verder in 'n noord-westelike rigting te vlug nie. As hy in die rigting van die Shimanesaal wou gaan, sou hy egter voor sy eie huis moes verbygaan, en as die skare nog daar was, sou hy sy weg tussen hulle deur moes baan. Selfs met 'n gelaaide geweer sou hy dit nie wou doen nie. Sy optrede bevestig dus Desmond se getuienis dat die straat toe leeg was.

Toe die oorledene die aansluiting van Pilane-en Imaliestrate bereik het, het hy links gedraai. Daar kan vermoed word dat hy waarskynlik beplan het om regs te draai in 'n poging om by kaptein Botha, wat waarskynlik nog met sy manne naby die biersaal was, aan te sluit. Dit is egter duidelik dat daar 'n klomp mense

/127

127 aan die regterkant van die kruising was min of meer tussen huis 479 en die kliniek, waar mnr. Douglas Khambule hulle vroeër gesien het. Dit is onmoontlik om te bepaal wie almal daar aanwesig was. Uit latere gebeure blyk dit dat daar beslis sommige van die mense was wat vroeër die oorledene se huis aangeval het. Die verhoorhof het bevind dat beskuldiges 9, 10, 11 en 20 aan

die uiteindelijke doodslag van die oorledene deelgeneem het. (Die bevindinge oor beskuldigdes 9 en 10 is nie onderhewig aan appèl nie, en die gevalle van beskuldigdes 11 en 20 word later behandel). Aan die ander kant is beskuldigde 7, wat die petrol vir die verbranding verskaf het, deur niemand uitgeken onderdie skare wat voor die oorledene se huis was nie. Die getuienis skep dus minstens 'n redelike moontlikheid dat . die skare wat toe in Imaliestraat was, bestaan het uit net sommige van die persone wat vroeër voor die

/128 128

oorledene se huis was, saam met ander persone wat reeds vroeër in Imaliestraat was of wat later by die groep daar aangesluit het. Dit is interessant dat, volgens Mnr. Douglas Khambule, sommige lede van die skare wat die oorledene in Imaliestraat gevolg het, stokke gedra het. Daar was geen getuienis van stokke by die groep wat klippe gegooi het in Pilanestraat nie - weer eens 'n aanduiding dat daar ook ander persone in Imaliestraat was. In 'n toestand van chaos soos dié wat in Paballelo geheers het, sou dit onrealisties wees om te . veronderstel dat enige skare vir 'n geruime tyd uit dieselfde persone sou bestaan. Om terug te keer na die oorledene: toe hydie kruising van Imaliestraat bereik, het hy links gedraai, en 'n mens kan vermoed dat hy dit gedoen het om die mense regs af in Imaliestraat te ontwyk. Hy is egter gesien en agtervolg: eers deur beskuldigde 10,

/129 129

wat hom ontwapen en neergevel het, toe (volgens Desmond - ons kom later weer daarby) deur beskuldigde 11, en uiteindelik deur 'n groot groep. Later het beskuldigde 7 op die toneel gekom, en die oorledene, of meer waarskynlik, sy lyk, is aan die brand gestee. Die oorledene se agtervolgers het uit die skare in Imaliestraat gekom, en daar is dus geen regverdiging vir die verhoorhof se bevinding dat die skare wat die oorledene agtervolg en gedood het presies dieselfde mense was wat sy huis aangeval het nie. Hoewel 'n mens met die hof a guo moet saamstem dat die persone wat die oorledene by die groen poskantoorhuisies aangeval het, die opset gehad het om hom te dood, dui dit nie per se aan wat die opset was van mense wat, volgens die getuienis, niks meer gedoen het as om 'n ruk vroeër klippe na die oorledene se huis te gooi nie. Die skare wat die oorledene gedood het, was waarskynlik 'n ander

/130

1 130skare as dié wat sy huis aangeval het. Self s al sou dit moontlik wees om te bevind dat elke lid van die skare wat teenwoordig was toe die oorledene daadwerklik gedood is, die opset gehad het om te dood (en sulke getuienis bestaan nie), sou dit nie bewys dat die skare by die steniging van die huis dieselfde opset gehad het nie. Dit volg dus dat die beskuldigdes se opset nie op 'n veralgemeende basis afgelei kan word van hul deelname aan die aktiwiteite van die skare wat die oorledene se huis onder die klippe gestee het nie. 'n Appellant kan gevolglik alleen skuldig wees aan moord as daar teen hom individueel bewys is dat hy die opset gehad het om te dood (daarbenewens moet daar natuurlik ook 'n actus reus wees, maar ons konsentreer tans op die opset.)

Teen heelparty van die appellante is daar niks meer bewys as dat hulle die oorledene se huis met klippe bestook het nie. Klipgooiery na 'n bewoonde huis

/131 131

is nie die soort optrede wat in die normale loop van sake die dood of ernstige beserings veroorsaak nie. In die onderhawige geval is niemand deur die klipgooiery beseer nie. Die huis het voldoende skuiling aan die inwoners verskaf. Daar is na ons mening geen ruimte vir 'n afleiding bloot uit die klipgooiery dat enige vandie beskuldigdes die opset gehad het om te dood nie. Appellante wat in hierdie kategorie val is beskuldigdes 1, 2, 3, 4, 5, 6, 8, 12, 13, 14, 15, 17, 19, 21, 22, 23, en 25. Weliswaar is daar die getuienis van mev. Sethwala dat beskuldigdes 12, 13 en 15 na die dood van die oorledene by haar huis verbygestap het uit die rigting van die Shimanesaal met klippe in hulhande. Die hof a quo het egter nie uit hierdie getuienis enige afleiding gemaak dat hierdie appellante deelgeneem het aan die daadwerklike aanval op die oorledene by die poskantoorhuisies nie. Hierdie

/132132 houding is onses insiens heeltemal reg. Die rigting waaruit die betrokke beskuldigdes gekom het, het aangedui dat hulle moontlik teenwoordig kon gewees het by die oorledene se moord, maar het nie bewys bo redelike twyfel daargestel dat hulle inderdaad teenwoordig was nie, en nog minder dat hulle mededaders of medepligtiges tot die aanranding was nie. Die gevolgtrekking dat die betrokke beskuldigdes verkeerdelik aan moord skuldig bevind was, beteken egter nie dat hulle straffeloos uitloop nie. Die appellante se advokaat het toegegee, na ons mening tereg, dat die persone wat klippe na die oorledene se huis gegooi het, skuldig was aan openbare geweld. Die bogemelde appellante wat bloot aan klipgooiery by die oorledene se huis skuldig was, se appèlle moet dus onses insiens slaag, en hul skuldigbevindinge verander word van skuldig aan moord na skuldig aan openbare

133

geweld. Hierdie gevolgtrekking het nie noodwendig toepassing op beskuldigdes 11, 18 en 20 nie, wat volgens die getuienis meer gedoen het as blote klipgooiery (ons laat natuurlik beskuldigdes 9 en 10 buite rekening - daar is geen appèl teen hul skuldigbevindinge nie). Dit is dus nodig om beskuldigdes 11, 18, en 20 apart te behandel.

By hiërdie beskuldigdes se appèlle het ons, nie alleen met mens rea te doen nie, maar ontstaan daar ook vrae omtrent die actus reus wat hulle ten laste gelê word. Die onderwerp van misdade gepleeg deur 'n aantal persone met 'n gesamentlike opset is onlangs

behandel in drie beslissings van hierdie hof, t.w., s: v. Safatsa and Others 1988(1) SA 865 (A); S v. Mgedezi and Others 1989(1) SA 687 (A) en S v. Motaung and Others 1990(4) SA 485 (A). Dit is dus nie nodig om

/134

134

weer die beginsels in besonderhede te ontleed nie. Waar dit kom by die actus reus in sulke gevalle, is dieregsposisie soos volg gestel deur BOTHA WAR in S v. Khoza 1982(3) SA 1019 (A) op bl. 1052 E-G in 'n passasiewat goedgekeur is in S v. Motaung, supra, op bl. 518 B:

"... the actus reus of the accused, on which his criminal responsibility for the murder is founded, consists, not in an act which is causally linked with the death of the deceased, but solely in an act by which he associates himself with the common purpose to kill (see Burchell and Hunt South African Criminal Law and Procedure vol 1 at 364). To couch the same idea in a different form: criminal responsibility for murder (where the requisite mens rea is present) can be founded upon an actus reus ... of another, or others, which latter conduct consists in the unlawful causing of the death of the deceased."

Om 'n beskuldigde aan moord skuldig te bevind ingevolge die beginsels van gesamentlike opset ("common purpose") moet daar dus nie alleen bewys word dat die beskuldigde die opset gehad het om te dood nie, maar ook dat hy hom aktief geassosieer het met die dade van

/135 135

die persoon of persone wat inderdaad die oorledene se dood veroorsaak het. Sien veral Safatsa se saak, supra, op bl. 9011 B-C en H-J; Mgedezi se saak, supra, op bl 706 A en Motaung se saak, supra, op bl 518 (A-C). Aan die hand van die voorafgaande behandel ons nou die gevalle van beskuldigdes 11, 18 en 20.

Beskuldigde 11

Beskuldigde 11 is deur Roseline Xaba en mev. Sethwala uitgeken as een van die persone wat klippe na die oorledene se huis gegooi het. Die beskuldigde het getuienis van 'n libi aangebied wat die hof verwerp het. Hierdie bevinding van die hof kan nie

op appèl aangeveg word nie.

Verdere getuienis is deur Desmond Khambule gelewer dat beskuldigde 11 ook deelgeneem het aan die aanranding op die oorledene by die poskantoorhuisies.

/136

136 Hierdie getuienis kan soos volg saamgevat word. Nadat die oorledene om die hoek tussen Pilanestraat en Imaliestraat in die rigting van die Shimanesaal gehardloop het, het Desmond na Mbele se huis (huis no. 403) gegaan. Hy sien toe die oorledene hardloop, gevolg deur beskuldigde 10. 'n Entjie agter beskuldigde

#0 was beskuldigde 11, en agter laasgenoemde was daar nog baie ander mense. Naby die poskantoorhuisies het beskuldigde 10 die oorledene gevang, neergegooi, en met die oorledene se geweer geslaan. Na twee houes het die kolf gebreek. Beskuldigde 10. het die geweer weggegooi en die oorledene geskop. Daarna het beskuldigde 10 'n

klip gaan optel. Teen hierdie tyd was beskuldigde 11

ook op die toneel. Beskuldigde 11 het iets wat blink in sy hand gehad, en het twee steekbewegings na die oorledene uitgevoer. Albei houes het die oorledene getref. Die mediese getuienis bevestig dat die

/137 137

oorledene steekwonde opgedoen het. Daarna het beskuldigde 11 opgestaan en die oorledene geskop. Beskuldigde 10 het die oorledene met 'n klip gegooi. Beskuldigde 11 het ook 'n klip gaan optel, en toe was die res van die skare daar. Hulle het die oorledene getrap en geskop. Op hierdie tydstip het Desmond sy uitkykpunt verlaat om aan die Sethwala's te gaan vertel wat gebeur het.

Later, volgens mev. Sethwala se getuienis, het beskuldigde 11 saam met beskuldigdes 10 en 20 voorhaar huis verbygeloop. Almal in die groep, ook beskuldigde 11, het hul hande in die lug gesteeke en gesing: "Hey, Hey, die hond is dood".

Die hof a quo het beskuldigde 11 skuldig bevind aan moord op grond van klipgooiery na die oorledene se huis, asook op grond van Desmond Khambule se getuienis dat beskuldigde 11 deelgeneem het aan die

/138 138

aanval op die oorledene by die poskantoorhuisies. Uitwat ons vroeër gesê het volg dit dat die skuldigbevinding aan moord nie gegrond kan word bloot op die klipgooiery nie, en daar moet dus oorweeg word

of Desmond se getuienis die posisie verander. Eerstens moet daar natuurlik besluit word of Desmond se uitkenning van beskuldigde 11 aanvaar kan word. Die hof a quo was versigtig omtrent Desmond se getuienis. Eers is daarop gewys dat hy 'n jong getuie is, 17 jaar oud. Sy getuienis moet versigtig oorweeg word omdat hy 'n jeugdige is. Dan sê die hof:

"Daar was 'n suggestie dat hy 'n medepligtige was en hy wou nie op 'n inkriminerende vraag antwoord nie. Die getuie het homself ook in kleiner

detail weerspreek ten opsigte van No 11 se aandeel. Sy getuienis moet vanselfsprekend nie in isolasie oorweeg word nie maar saam met al die getuienis en bewysmateriaal as geheel."

Later wys die hof weer op Desmond se jeug,

die bewering dat hy 'n medepligtige was, en die feit dat

/139 139

hy nie 'n inkriminerende vraag wou beantwoord nie. Daar word ook gewag gemaak van "kleinere afwykings in sy getuienis", en die hof se slotsom was dat "sy getuienis baie versigtig oorweeg" moet word. Die hof aanvaar dan Desmond se getuienis oor sy eie bewegings en die bewegings van die oorledene.

Wat die uitkenning van beskuldigde 11 betref,

sê die verhoorhof egter:

"Met No 11 se uitkenning moet 'n mens versigtiger wees omdat net hy No 11 op die toneel gesien het waar oorledene doodgemaak is. Mev Sethwala het No 11 later in haar getuienis genoem as een van die persone wat na oorledene se dood by haar huis verbygekom het, alhoewel sy aan die begin van haar getuienis nie No 11 se naam as een van die groep genoem het nie. Ons meen dat as Desmond se getuienis alleen gestaan het dit nie raadsaam sou

gewees het om daarop alleen te bevind dat No 11 op die moordtoneel was nie. Die getuienis kan egter aanvaar word as dit deur ander betroubare getuienis gestaaf word."

Wanneer die verhoorhof die getuienis teen

beskuldigde 11 oorweeg, sê die hof weer:

/140

140

"Desmond Khambule se getuienis moet soos reeds hierbo gesê versigtig oorweeg word en wel om die redes daar aangegee."

Die hof behandel dan Desmond se getuienis. Eerstens word daar bevind dat daar geen twyfel kan wees dat Desmond die gebeurtenis voor die poskantoorhuisies, toe oorledene doodgemaak is, gesien het nie. Hierdie bevinding is tereg nie op appèl aangeveg nie.

Die hof gaan dan voort om die vraag te vra hoebetroubaar sy uitkenning van beskuldigde 11 is. Inhierdie verband word die volgende faktore genoem wat sybetroubaarheid ondersteun:

"1. Hy het reeds op 3 12 85 op die uitkenningsparade vir No 11 uitgewys as een van die aanvallers van oorledene.

2. Hy getuig nie dat hy No 11 voor oorledene se huis gesien het nie. Inderdaad is daar geen getuienis dat hy enige van die mense gesien het wat voor oorledene se huis was en sy huis aangeval het nie. Tog wys hy beide Nos 10 en 11 wat deur

/141

141

ander getuies voor oorledene se huis gesien is uit as twee persone wat oorledene aangerand het by die groen huisies. Volgens ander getuies was No 11 dus kort voor die aanranding op oorledene besig om oorledene se huis aan te val. Desmond sien dieselfde persoon, No 11, oorledene agternasit en hom later aanrand.

3. Dit is baie waarskynlik dat van

die persone wat oorledene se huis aangeval het hom ook sou vang en dood maak want dit was eintlik die groep se gemeenskaplike oogmerk.

4. Nadat die oorledene gedood en aan die brand gestee is het die groep teruggekom en volgens Desmond Khambule het hy gehoor hulle het gesê: 'Ons het die beriggewer gebrand.' Beatrice Sethwala het getuig van die mense wat voor haar huis vebygekom het en soortgelyke dinge gesê het. Alhoewel sy No 11 se naam nie in hoofverhoor genoem het nie het sy in kruisverhoor hom as een van die persone genoem. Sy sê sy het in hoofverhoor miskien sy naam vergeet. Die feit dat sy nie in hoofverhoor reeds sy naam genoem het nie is 'n faktor wat sekerlik in gedagte gehou moet

/142

142

word.

5. Desmond Khambule ken No 11 goed. Hulle het saam sokker gespeel en No 11 was die kaptein van hul klub. Hy getuig dat No 11 teruggekyk .het en hy hom erken het. No 11 het bevestig dat hy en Desmond mekaar ken. Na ons mening is daar dus stawing vir Desmond se getuienis en in besonder om sy uitkenning van No 11 te staaf."

Namens die appellante is betoog dat die

faktore wat die hof genoem het, nie stawing van Desmondse getuienis uitmaak nie. Ons het reeds vroeërbespreek wat deur stawing bedoel word. Dit is nie duidelik of die hof in die onderhawige geval stawing indie tegniese sin vereis het nie - soos blyk uit diepassasies hierbo, praat die hof om die beurt van stawing en van die noodsaaklikheid dat Desmond se getuienis versigtig oorweeg moet word, asof dit dieselfde begrip is. Hoe dit ook al sy, ons meen dat daar voldoende stawing in die onderhawige geval is.

/143

143 Ter aanvang moet gesê word dat die redes wat die verhoorhof tot suspisie oor Desmond se uitkenning beweeg het, nie baie sterk was nie. 'n 17 jarige getuie verg nie die versigtigheid wat 'n mens byvoorbeeld teenoor die getuienis van 'n vierjarige moet uitoefen nie. Wat beweerde medepligtigheid betref: dit hetalleen bestaan uit 'n bewering dat hy 'n klip na die oorledene se huis gegooi het nadat die oorledene dit reeds verlaat het, en dit was ten opsigte hiervan dat Desmond geweier het om te antwoord op 'n vraag. Hierdie weiering werp nie wesentlike twyfel op sy uitkenning van beskuldigde 11 nie. Die teenstrydighede in sy getuienis is gering. Die

deurlees van Desmond segetuienis gee nie die indruk dat hy weens jeug of medepligtigheid of enige ander rede nie vertrou kan word nie. Weliswaar is hy die enigste getuie wat beskuldigde 11 impliseer by die daadwerklike aanranding

/144

144 op die oorledene, en onder al die omstandighede stem ons saam dat sy getuienis versigtig oorweeg moet word, maar daar was nie gronde vir ernstige suspisie oor sy betroubaarheid nie. Sy eerlikheid is nie voor ons aangeveg nie.

Dit is teen hierdie agtergrond wat 'n mens

moet kyk na moontlike stawing. Dit is inderdaad so dat party van die faktore wat die hof genoem het nie werklik as stawing beskou kan word nie, of nie veel gewig dra nie. Daar is egter sommige wat na ons mening deurslaggewend is. Daar moet steeds in gedagte gehou word dat beskuldigde 11 se weergawe was dat hy glad nie op die betrokke tyd in Paballelo was nie. Die

getuienis dat hy deelgeneem het aan die klipgooiery by die oorledene se huis toon dus dat sy alibi vals is, en dat hy inderdaad kort voor die moord naby die moordtoneel was. En die feit dat hy die oorledene se

/145 145

huis met klippe bestook het maak dit minder onwaarskynlik dat hy ook sou deelneem aan die aanval op sy persoon. Mev. Sethwala se getuienis dat beskuldigde 11 na die moord op die oorledene voor haar huis verbygestap het en hom verlustig het in die moord toon nie alleen dat hierdie beskuldigde teenwoordig kon gewees het by die moord nie, maar ook dat hy geweet het van die moord en dit goedgekeur het. Weliswaar het mev. Sethwala nie beskuldigde 11 in haar hoofverhoor genoem as een van hierdie groep nie, maar haar verduideliking dat sy bloot vergeet het klink aanvaarbaar, en die verhoorhof het haar getuienis inderdaad aanvaar. Dan is daar die verdere faktor dat

beskuldigde 11 op hierdie stadium, kort na die moord, in die geselskap was van beskuldigdes 10 en 20, wat albei deur ander getuienis bewys was lede van die skare te gewees het wat die oorledene daadwerklik gedood het.

/146

146 Al hierdie faktore dra by tot die waarskynlikheid dat Desmond Khambule reg was in sy uitkenning van beskuldigde 11. En dan, soos die hof uitwys, die getuienis is onbetwis dat Desmond Khambule beskuldigde 11 goed geken het. Daar sou nie veel ruimte gewees het vir 'n eerlike fout nie. En daar word tereg niebetoog dat Desmond Khambule 'n opsetlike leuen vertel het nie.

Na ons mening was daar dus stawing in wesentlike opsigte vir Desmond Khambule se getuienis. Dit is egter nie die einde van die saak nie. Die vraag is steeds of die betrokke appellant se skuld bo redelike twyfel bewys is. In hierdie verband is daar

betoog dat daar wesentlike verskille was tussen die getuienis van Desmond Khambule en sy vader mnr. Douglas Khambule wat die verhoorhof nie in ag geneem het nie. Daar sal onthou word dat Desmond getuig het dat

/147 147

beskuldigde 10 heel voor was in die groep wat die oorledene gejaag het; dat beskuldigde 11 'n entjie agter hom was en dat 'n groot groep mense 'n entjie agter beskuldigde 11 was. Volgens mnr. Khambule, so is betoog, het die groot skare 'n entjie agter beskuldigde 10 gehardloop. Die punt is nie dat mnr. Khambule nie vir beskuldigde 11 uitgeken het nie - hy het hom klaarblyklik nie so goed geken soos Desmond nie - maar dat hy nie getuig het van 'n verdere individu wat agter beskuldigde 10 gehardloop het nie. As 'n mens egter mnr. Khambule se getuienis versigtig lees blyk dit dat daar nie veel in hierdie punt steek nie. Hy het getuig dat beskuldigde 10 ongeveer 20 meter voor die res van

die groep was. Hy het vertel hoe beskuldigde 10 die oorledene ontwapen en geslaan het. Daarna het die groep gekom. Hy is gevra wat die groep gedoen het, en het geantwoord: "Wat ek gesien het toe die eerstes van

/148

-r

148

die groep daar opdaag, want hulle het nie gelyktydig almal daar opgedaag nie, die wat daar aangekom het, het begin trap." Ander mense het klippe gegooi, en "daar was 'n ander een wat met sy rugkant na my kant toe gestaan het, en die persoon wat gebuk het, het dit vir my voorgekom asof die persoon steek." Desmond Khambule se getuienis was dus nie dat die groep wat beskuldigde 10 gevolg het, 'n soliede falanks gevorm het nie maar dat hulle na mekaar gekom het. Later stel hy dit soos volg: "They were not running in one tight group, they kept on running past." Die enigste wesentlike verskil tussen Desmond en sy vader se getuienis is dus dat Desmond sê diemessteker (wat hy as beskuldigde 11 uitken) was die tweede persoon op die toneel, terwyl mnr. Khambule die indruk skeep dat hy effens later daar gekom het. Onder die omstandighede wat geheers het is sulke

/149 149

verskille in waarneming of herinnering onvermydelik en bied dit geen rede om te twyfel aan Desmond se uitkenning van beskuldigde 11 nie. Weens die voorgaande meen ons dat die verhoorhof se aanvaarding van Desmond se getuienis nie aangeveg kan word nie. Uit al die getuienis blyk dit dan dat beskuldigde 11 se bewegings op die betrokke tyd soos volg was. Hy was in Pilanestraat voor die oorledene se huis en het dit met klippe bestook. Na 'n ruk het hy uitgewyk na Imaliestraat. Toe die oorledene uit Pilanestraat in Imaliestraat hardloop het beskuldigde 11 agter beskuldigde 10 (of hy onmiddellik agter hom was, of 'n paar plekke later maak nie juis saak nie) die oorledene gejaag tot by die poskantoorhuisies, waar beskuldigde 10 die oorledene

neergegooi en geslaan het. Kort daarna het beskuldigde 11 aangekom en die oorledene gesteek en ook op ander

/150 150

maniere aangerand. Ander mense het die oorledene ook aangerand. Die opset van die aanranders was klaarblyklik om die oorledene te dood. Terwyl die aanranding nog aan die gang is, sluit beskuldigde 7 by die groep aan, en verskaf die brandstof waarmee die oorledene, of sy lyk, aan die brand gesteek is. Daarnastap beskuldigde 11 saam met beskuldiges 10 en 20 terug, terwyl hulle sing "Hey, Hey, die hond is dood." Beskuldigde 11 was dus 'n lid van die groep wat, met die opset om die oorledene te dood, hom in Imaliestraat gejaag het totdat hy neergevel is, en hom daarna vermoor het. Dat beskuldigde 11 die opset gehad het om te dood, blyk uit die feit dat hy meegedoen het in die

aanranding deur onder meer die oorledene te steek op 'n stadium toe hy reeds weerloos en klaarblyklik ernstig beseer op die grond gelê het. Daarna het hy hom ook op ander maniere aangerand. Dat hy hom op geen stadium

/151151 onttrek het van die aanranding nie kan afgelei word van die feit dat hy, nadat alles verby was, saam met beskuldiges 10 en 20 teruggeloop het en hul blydschap oor die oorledene se dood uitgespreek het. Hy het dus aktief deelgeneem aan die aanranding vanaf 'n stadium toe die oorledene nog probeer wegstap het totdat sy smeulende lyk op die grond gelê het. Namens hierdie appellant is 'n betoog voorgedra wat berus op die hof se bevinding dat beskuldigde 7 met die petrol op die toneel gekom het nadat die oorledene reeds deur beskuldigde 10 met die geweer geslaan is. Die hof het bevind dat beskuldigde 7 moontlik nie deel van die moordgroep was toe die houemet die geweer toegedien is nie. Aangesien hierdie houe volgens die mediese getuienis moontlik die dood van die oorledene kon veroorsaak het, was dit dus moontlik dat beskuldigde 7 tot die moorddadige aanval

/152 152

toegetree het op 'n tydstip toe die oorledene reeds dood was. Die verhoorhof het beskuldigde 7 dus slegs aan poging tot moord skuldig bevind. Daar word nou geargumenteer dat beskuldigde 11 eweneens slegs aan poging tot moord skuldig bevind kan word, aangesien dit ook redelik moontlik is dat die oorledene se dood deur die brandwonde veroorsaak is, en beskuldigde 7, wat vir die brandwonde verantwoordelik was, nie in die gesamentlike opset gedeel het nie. Hierdie argument gaan nie op nie. Beskuldigde 7 was slegs aan poging tot moord skuldig omdat die dood moontlik reeds ingetree het toe hy by die moordgroep aangesluit het. Beskuldigde 11 daarenteen was deurgaans 'n lid van die

moordgroep en het aktief deelgeneem aan sy bedrywighede. Selfs al veronderstel 'n mens dat die oorledene se dood moontlik deur verbranding veroorsaak is, was beskuldigde 11 ten tyde van die verbranding

/153

153steeds aktief geassosieer met die gemeenskaplike opset van die moordgroep wat op daardie stadium beskuldigde 7 ingesluit het.

Weens die voorgaande meen ons dat beskuldigde 11 korrek deur die verhoorhof aan moord skuldig bevind is.

Beskuldigde 18 Daar sal onthou word dat beskuldigde 18 voor die klipgooiery op die oorledene se erf was, en deur hom weggejaag is. Sy het toe aan hom gesê: "Ons sal jou wys." Later was beskuldigde 18 een van die groep wat klippe na die huis gegooi het. Terwyl die klipgooiery aan die gang was het beskuldigde 18 gese: "Laat die hond uitkom, laat ons die hond lewendig aandie brand steek."

Nadat mev. Sethwala berig ontvang het van die

/154 154

oorledene se dood het sy gesien hoe beskuldigde 18 uit die rigting van die moordtoneel met beide gebalde vuiste in die lug voor die huis verbystap en skree: "Daar lê die hond vrek en brand" en "hoekom help sy mahom nie meer nie" en "hoekom help sy wit hondbroers homnie meer nie."

Hierdie appellant het ook getuienis van h

alibi aangebied wát deur die hof as vals verwerp is.

Die eerste vraag wat ontstaan is of hierdie

appellant se optrede ná die moord daarop dui dat sy daaraan deelgeneem het. Die hof a quo het hierdie vraag soos volg behandel:

"Dit dui onteenseglik daarop dat sy geweet het

dat oorledene doodgemaak en aan die brand gestee is. Sy het wat gedoen is ook met geesdrif goedgekeur.

Ons meen egter nie dat ons kan bevind dat sy aktief deelgeneem het aan die doodmaak van oorledene nie. Sy is swaar van lyf en ons betwyfel dit of sy betyds by die oorledene sou uitkom. Verder is daar geen aanduiding dat

155

iemand haar naby die oorledene gesien het toe hy doodgemaak is nie. 'n Vrou met haar mate en 'n

hoed op sou nie misgekyk kan word nie."

Ons stem hiermee saam.

Beskuldigde 18 se skuldigbevinding aan moord

kan dus staande bly slegs op grond van haar optredetydens die klipgooiery. Vroeër het ons bevind dat

klipgooiery per se nie in die omstandighede van hierdie saak kan lei tot 'n afleiding dat die klipgooiers die opset gehad het om te dood nie. In beskuldigde 18 se geval gaan die saak egter verder. Deur haar uitlatings het sy duidelik getoon dat sy wel die opset gehad het om te dood. In haar geval het die Staat dus wel bewys dat sy die huis met klippe bestook

het ten einde die oorledene uit te dryf sodat hy vermoor kon word. Is sy skuldig aan sy moord? Soos ons hierbo aangetoon het, sou 'n skuldigbevinding geregverdig wees as die Staat bewys

/156 156

het nie alleen dat die beskuldigde die opset gehad het om te dood nie, maar ook dat sy haar aktiefgeassosieer het met die daad van die persoon of persone wat inderdaad die oorledene se dood veroorsaakhet. Hier het beskuldigde 18 wel die mens rea gehad om die oorledene te dood, en die vraag is dan of sy, met daardie mens rea, haarself aktief geassosieer het met die actus reus van die persoon of persone wat inderdaad die oorledene gedood het. Onses insiens moet die antwoord ontkennend wees. Daar is geen getuienis dat beskuldigde 18 'n deel was van die groep wat die oorledene in Imaliestraat gejaag het en by die poskantoorhuise gedood het nie - trouens, soos die hof a quo bevind het, die aanduidings is daarteen. Die enigste manier waarop sy verbind kan word met die moord op die oorledene is deur te bevind, soos die hof a quo gedoen het, dat die klipgooiery in Pilanestraat

/157 157

en die noodlottige aanranding op die oorledene by die poskantoorhuisies alles een ononderbroke daad was van 'n enkele groep mense met 'n enkele opset. Soos ons hierbo aangedui het, meen ons nie dat hierdie bevinding van die hof korrek was nie. Beskuldigde 18 kan dus onses insiens nie aanspreeklik gehou word vir die moord op die oorledene nie. Namens die appellante is toegegee dat beskuldigde 18 skuldig bevind kan word aan aanhitsing tot moord weens haar uitlatings tydens die klipgooiery in Pilanestraat. Beskuldigde 18 is egter nie in die alternatief aangekla van aanhitsing nie, en aanhitsing tot moord is nie 'n bevoegde uitspraak op 'n aanklag van moord nie (sien S v Yelani 1989(2) SA 43 (A) op bl. 53 C). Beskuldigde 18 kan dus soos die ander beskuldigdes wat net klippe gegooi het, slegs aan openbare geweld skuldig bevind word. Die spesiale

/158

158

omstandighede in haar geval kan egter by strafoplegging in ag geneem word.

Beskuldigde 20

Beskuldigde 20 is deur Roseline Xaba en mev.

Sethwala uitgeken as een van die persone wat die oorledene se huis onder die klippe gesteeke het. Daarbenewens het hy, volgens mev. Sethwala, na die oorledene se moord weer voor haar huis saam met beskuldigdes 10 en 11 verbygeloop en gesing "Hey, Hey, die hond is dood." Hierdie getuienis is deur die verhoorhof aanvaar en die beskuldigde se getuienisomtrent 'n alibi verwerp.

Weens wat ons voorheen gesê het, sou die staatsgetuienis wat ons hierbo uiteengesit het, nie genoeg gewees het om beskuldigde 20 se skuldigbevinding aan moord te regverdig nie. In sy

/159 159

geval was daar egter bykomstige getuienis. Op 20 November 1985 het beskuldigde 20 na Olifantshoek na familie gegaan, en hy is daar in hegtenis geneem op 28 November 1985. Sy neëntienjarige vriendin Martha Malgas het saam met hom gegaan. Hy het sedert 1983 'n verhouding met haargehad. Volgens Martha Malgas se getuienis het beskuldigde 20 op 22 November na haar gekom en haar gevra om saam met hom te ry. Sy het gevra hoekom. Hy het geantwoord dat huile baklei het. Sy het hom gevra waar die bakleiery was. Hy het gesê hulle het in dielokasie baklei. Toe vra hy haar of sy gehoor het van die polisieman wat hulle doodgemaak het daar. Sy woorde was, "Ons het hom doodgemaak". Hiertoe het hy bygevoeg, "Ons het hom eers gegooi en toe geslaan en toe gebrand." Op "gegooi" het hy uitgebrei deur te

/160

160

sê dat dit met klippe was. Sy het geantwoord nee. Toe sê hy sy moet saam met hom gaan, want die polisie

soek hom. Hy het ook gesê die oorledene se naam was Jetta.

Martha Malgas is lank en deurtastend

gekruisvra, en daar was kleinere weersprekings oor wat beskuldigde 20 se presiese woorde was. Sy het egternie van die wese van haar getuienis afgewyk nie en onshet geen rede om te verskil van die verhoorhof se bevinding wat soos volg uitgedruk is nie:

"Ons meen ... dat ons Martha Malgas se getuienis oor wat beskuldigde aan haar vertel het oor oorledene se doodmaak sonder aarseling kanaanvaar. Sy het net die waarheid vertel, hoe moeilik dit ook al vir haar was."

Namens beskuldigde 20 is betoog dat die

woorde "ons het hom doodgemaak" dubbelsinnig is, en moontlik kan verwys na die inwoners van Paballelo oordie algemeen, sonder om die beskuldigde in te sluit.

/161 161

Ons stem nie saam nie. As 'n kwessie van taalgebruik is "ons" die eerste persoon meervoud, en sluit dit die spreker in. Ons is verwys na die saak van Thembile Lubelwana v die Staat (appêlhofsaak 303/87 ongerapporteer, gelewer op 16 September 1988). In daardie saak was daar getuienis dat 'n moord gepleeg was maar daar was geen direkte getuienis dat die appellant daaraan deelgeneem het behalwe sy eie verklaring nie. In die verklaring gebruik hy deurgaans die woord "ons" wanneer hy die gebeure beskryf. Die verhoorhof het bevind dat die appellant een van die groep mense was wat tydens die gebeure aanwesig was en dat hy hom vereenselwig het

met wat plaasgevind het. Die verhoorhof was van oordeel dat die gebruik van die woord "ons" in die verklaring, by ontstentenis van enige getuienis van die beskuldigde ter verduideliking, sodanige vereenselwiging bewys het. Op appèl was

/162

162

hierdie Hof se kommentaar soos volg:

"Die Verhoorhof se beskouing berus sekerlik op sterk gronde. Nogtans is daar sekere opvallende aspekte van die saak wat moontlik tot 'n ander konklusie sou kon lei."

Onder hierdie faktore was dat die direkte

getuienis nie die appellant hoegenaamd by enige van die

gebeure geimpliseer het nie, maar hom eerder uitgesluit het as een van die aktiewe deelnemers, en, veralbelangrik, dat die amptelike tolk wat opgetree het by die aflegging van die verklaring, wat in Xhosa gemaakis, getuig het dat die Xhosa woord wat hy as "ons" vertaal het, verwys na 'n groep mense sonder om noodwendig die spreker in te sluit.

In die onderhawige geval het Martha Malgas op

Afrikaans getuig en die beskuldigde het, soos dit sygebruik was, Afrikaans met haar gepraat. Daar is dus geen taalprobleme hier nie. En die direkte getuienisneig nie om beskuldigde 20 uit te sluit as 'n aktiewe

/163 163

deelnemer nie. Die teendeel is eerder waar. Die direkte getuienis toon dat beskuldigde 20 aktief deelgeneem het aan die klipgooiery, en dat hy kort ná die oorledene se dood sy kennis daarvan getoon het en sy blydschap daaroor uitgespreek het. Ten slotte is daar namens die appellant betoog dat beskuldigde 20 se vereenselwiging met die aanval op die oorledene moontlik nie aktiewe deelname aan die moord ingesluit het nie. Wat beskuldigde 20 aan Martha Malgas gesê het dui egter aan dat hy saam met sekere ander mense die oorledene gedood het deur hom met klippe te gooi, te slaan en te brand, en dat beskuldigde 20 hom gevolglik uit die voete wou maak. Inderdaad is dit 'n korrekte beskrywing van hoe die oorledene vermoor is, en in die afwesigheid van enige verduideliking is daar niks om af te doen aan beskuldigde 20 se verklaring dat "ons" die oorledene op

/164

164

hierdie manier doodgemaak het nie. Wat hy self presies gedoen het, is nie bewys nie, maar sodanige bewys is nie nodig vir skuldigbevinding nie. Ons meen dus dat beskuldigde 20 tereg aan moord skuldig bevind is. Hiermee kom ons aan die einde van onsoorweging van die appèl teen die appellante se skuldigbevindinge. Opsommend is die posisie soos volg:

- a) Beskuldigdes 16, 24 en 26 se appèl slaag ten volle.
- b) Beskuldigdes 1, 2, 3, 4, 5, 6, 8, 12, 13, 14, 15, 17, 18, 19, 21, 22, 23, en 25 se appèl laag tot die mate dat hul skuldigbevindinge aan moord tersyde gestel word en vervang word met skuldigbevindinge aan openbare geweld.
- c) Beskuldigdes 11 en 20 se appèl; teen hul skuldigbevindinge word afgewys.

/165

165 d) Beskuldigdes 9 en 10 het nie verlof gekry om teen hul skuldigbevindinge te appelleer nie. Vervolgens kom ons by vonnis.

Van die 26 beskuldigdes is daar net vier wie se skuldigbevindinge aan moord na dese steeds staande bly - beskuldigdes 10, 11 en 20 wat deur die verhoorhof

ter dood veroordeel is en beskuldigde 9 wat tot 8 jaar gevangenisstraf gevonnis is en wat van hierdie hof verlof ontvang het om teen slegs sy vonnis te appelleer. Ons behandel hul gevalle afsonderlik. Beskuldigdes 10, 11 en 20 Die drie doodvonnisse is opgelê voor die inwerkingtreding van die Strafwysigingswet, 107 van 1990. Die Wet het 'n volslae nuwe bedeling met betrekking tot die oplegging van die doodvonnis ingevoer. Die verskil in benadering en werkswyse is

/166

166

oor die afgelope tyd in talle beslissings van hierdie hof omskryf en behoef geen verdere toeligting in hierdie uitspraak nie. Die slotvraag is of die hof, alles in ag genome - strafverswarende en - versagende faktore, die persoonlike omstandighede van die betrokke beskuldigde, die jurisprudentiële oogmerke van straf,

die gemeenskapsbelang - van oordeel is dat die doodvonnis in werklikheid die enigste gepaste vonnis is; en by die beoordeling van daardie vraag op appèl geniet hierdie hof 'n selfstandige diskresie om die vonnis van die verhoorhof tersyde te stel en sy eie vonnis te substitueer indien hy van oordeel is dat hy nie self die doodvonnis sou opgelê het nie. Die drie beskuldigdes het heelwat in gemeen. Al drie van hulle was prominent in die gebeure wat die moord op die oorledene op 13 November 1985 voorafgegaan het. Al drie het aan die klipgooiery by die oorledene

/167167 se huis deelgeneem. Elkeen van hulle het die oorledene agternagesit toe hy gevlug het. Elkeen se gesindheid was eners: om die oorledene in te haal en dood te maak. Beskuldigde 10 het hom eerste bygekom maar dit was maar 'n toevalligheid dat hy die een was wat, medies gesproke, die doodsveroorsakende houe toegedien het.

Beskuldigde 11 was kort op sy hakke. Toe hy by die oorledene kom, wat op die stadium reeds deur beskuldigde 10 neergevel was, het hy steekbewegings na die oorledene uitgevoer. Daarna het beskuldigde 11 die oorledene geskop. Beskuldigde 10 het 'n klip opgetel en die oorledene daarmee gegooi. Ook beskuldigde 11 het 'n

klip opgetel. Toe die ander mense bykom, het hulle op

die oorledene getrap en hom geskop. Blykens sy erkenning teenoor Martha Malgas was beskuldigde 20 ook by die aanval op die oorledene betrokke. Daarvan moet mens af lei dat hy in die bondel was wat die oorledene

/168

168

kort na beskuldigdes 10 en 11 bereik het, waarna die oorledene verder aangeval en sy liggaam aan die brand gestee is. Vanuit die oogpunt van die misdaad self beskou, is daar eintlik geen rede om tussen die drie beskuldigdes te onderskei wanneer dit by vonnis kom. Dit was 'n afgryse misdaad. Die oorledene se enigste oenskynlike sonde was dat hy as 'n simbool van gesag geëien is. Hy is in sy huis deur 'n verwoede skare van 100 tot 200 vasgekeer. Hulle het sy huis met 'n haelbui klippe bestook, onder 'n lawaai en 'n geloei en die gil van krete en dreigemente wat teen die oorledene

gemik was. Die mense in die huis het dit gehoor. Daar was getuie oor hoe verskrik en vreesbevange hulle was. Mev. Sethwala was oortuig dat haar laaste oomblik aangebreek het. Ook die oorledene self het onder geen illusies oor sy lot verkeer nie. Hy vlug. Toe hy

...../169

169

gewaar word en die skare meen dat sy ammunisie op is, word daar geskree: "Daar hardloop hy, die koeëls vir sy wapen is op". Hy draai links in Imaliestraat waar hy soos 'n verskrikte dier gejaag, gevang en afgemaai word. Die skare wat op hom toesak het petrol oor hom uitgegooi en sy liggaam aan die brand gestee. Agternawas die drie betrokke beskuldigdes onder die groep wat by die oorledene se huis verbygeloop het en geskree het, "Hey, hey, die hond is dood".

Dit was, kortom, die optrede van barbare. Weersinwekkend. Geen beskaafde, geordende gemeenskap kan so iets gedoog nie. Dit is optrede wat volstrek gestraf en swaar gestraf moet word. Maar daar was wel ook, algemeen gesproke, versagende faktore.

Die agtergrond en aanleiding tot dié skokkende gebeure op 13 November 1985, is vroeër in

/170

170

skokkende gebeure op 13 November 1985, is vroeër in hierdie uitspraak reeds geskets. Daardoor, oor die algemene onrus-toestande wat indertyd in die land as geheel geheers het, en oor die uitwerking wat dit op die beskuldigdes sou gehad het, is daar in hierdie saak veel gesê - volume op volume van getuienis, deur

deskundige op deskundige, oor teorie op teorie.

Om op die talle vraagstukke in te gaan wat deur die onderskeie deskundiges gedebatteer is, en om tussen hul verskillende standpunte, dogmaties en semanties, kant te probeer kies, is vir huidige doeleindes onnodig - want oor die kernvraag was daar, soos aanstons sal blyk, nie werklik 'n twis nie. Die deskundiges wat namens die verdediging getuig het, hoofsaaklik prof. Tyson en dr. Raath, was van oordeel dat al 26 beskuldigdes die oggend in meerdere of mindere mate "gedeïndividualiseer" was.

/171

171 Daaronder is verstaan 'n tydelike gemoedstoestand wat deur 'n sameloop van eksterne faktore ontketen is, waarvan die kenmerke is dat die betrokke persoon so met die groep waarin hy hom bevind, behep is, sy aandag so volkome na buite (eerder as op homself) toespits, en emosioneel so opgesweep en meegesleur word, dat hy sy inhibisies, sy selfbewussyn, en sy selfbeheer kwytraak, en anders optree - meer impulsief, meer aggressief, minder rasioneel - as wat hy normaalweg ooit sou doen.

Deïndividualisasie is meermale deur ons howe as 'n strafversagende omstandigheid erken (S v Thabetha and Others 1988 (4) SA 272 (T), op 280E-281I; 286B-C), ook deur hierdie hof (S v Motaung and Others, 1990 (4)

SA 485 (A) op 5261; S v Wilson Matshili and Others, 'n uitspraak wat op 6 Mei 1991 gelewer is, op 15-19; 26-27). Dit wissel van persoon tot persoon. As 'n kwessie van graad is dit 'n kwessie van feite.

/172

172

As ons die getuienis van drs. Fourie en de Kock, die deskundiges wat namens die Staat getuig het, reg begryp, kon hulle die moontlikheid dat die beskuldigdes onder bespreking wel gedeïndividualiseer was, nie sonder meer uitsluit nie. Hul aanval teen die getuienis van die deskundiges wat namens die

verdediging getuig het, was dat so 'n moontlikheidsteoreties eerder as prakties was, aangesien die beskuldigdes enersyds nooit oor hul gemoedstoestand voor, tydens en na die voorval getuig het nie, en die verdediging se deskundiges hul andersyds doelbewus daarvan weerhou het om die beskuldigdes daarna uit te vra. Dit was ook die kritiek van die verhoorhof: dat deïndividualisasie nie op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys is nie. Soos sake toe gestaan het, was dit stellig

geldige (S v Safatsa 1988 (1) SA 868 (A) op 904G-H), ofskoon nie noodwendig deurslaggewende kritiek

/173

173

nie (S v Motaung and Others supra, op 526I). Tans is die situasie heel anders. Nou is dit nie meer 'n kwessie van waarskynlikhede nie maar van moontlikhede; nou berus dit by die Staat, as so 'n moontlikheid realisties op die getuienis geopper word, om dit te weerlê. Waar betekenisvolle deindividualisasie as 'nbepaalde moontlikheid deur die deskundiges vir dieverdediging van die omstandighede van die geval afgelei, en as sodanig deur die deskundiges vir die Staat toegegee is, is dit klaarblyklik nie deur die Staat weerlê nie. Ook tydens betoog voor hierdie hof is daar geredelik en tereg deur die

regsverteenwoordigers van die Staat toegegee dat elkeen van die betrokke beskuldigdes 'n mate van emosionele opswelling moes beleef het. (Geen versoek is gerig dat die kwessie van vonnis in die lig van die veranderde statutêre omstandighede na die verhoorhof terugverwys word nie).

/174

174

Dat die atmosfeer diê dag belaa en gespanne

was, staan vas. Gemoedere het hoog geloop.

Klaarblyklik was baie van die omstanders vies enverontwaardig toe die byeenkoms die oggend afgelas en

traanrook op die skare gevuur is. Dit is watbeskuldigde 10 in sy verklaring, bewysstuk TT, dan ookgesê het - en daarvan moet mens kennis neem. Oor dieef fek van die skiet ván traanrook moet 'n mens ingedagte hou die passasie uit die getuienis van kaptein van Dyk, waarna vroeër verwys is, te wete,

"... geweld lok geweld uit, dit is mysienswyse. Ek kan ... sê feitlik sonderuitsondering waar die polisie opgetree hetteen groepe mense en traanrook gebruik het,

dan gaan dit oor na algemene geweldpleging in 'n Swart woohbuurt." Of die polisie die oggend enige ander keuse gehad het

as om die onwettige vergadering met traanrook uiteen te

jaag, gesien die geweld wat die vorige paar dae reeds

/175

175

losgebirand het, kom nie nou daarop aan nie. Die toets by die bepaling van versagtende faktore is subjektief, nie objektief nie. (S v Wilson Matshili and Others, supra, op 10). Feit is dat dié gebeure wel 'n uitwerking op die aanwesiges gehad het en dus, as 'n redelike moontlikheid, ook op die drie beskuldigdes wat

intens met die hou van die vergadering gemoeid was. Ooreenkomstig die algemene patroon waarvan kaptein van Dyk gewag gemaak het, het 'n groep van die skare dan ook feitlik onmiddellik op die biersaal afgestorm, waar hulle die muur omgestoot het, waarna daar 'n aanval geloods is op die Casspir wat in Kingstraat gestaan het, 'n hanetreetjie van die oorledene se huis. Nadatdie polisie met traanrook op dié groep geskiet het, het die brandpunt van die skare se aggressie na die oorledene se nabygeleë huis verskuif waar 100 tot 200 mense saamgedrom het. Volgens prof. Tyson was dit h

/176176 ongelukkige opeenvolging van toevallige omstandighede wat daartoe gelei het dat die oorledene die oggend aangeval is. Toe die polisie terugskiet, was die oorledene se huis die naaste en gerieflikste teiken waarop die skare kon toesak om aan hul toorn en frustrasie uiting te gee. Gedurende die aanval op die

huis het die oorledene op die omstanders gevuur en 'n

kind raak geskiet. Ook dit het die woede van die skare, veral diegene wat polities gemotiveerd was, verder op die oorledene toegespits. En toe hy probeer vlug, en dit blyk sy koeëls is op, en sy kortste roete na die polisie is geblokkeer, is hy agternagesit, ingehaal en doodgemaak. Die hele wending van gebeure, met die een insident wat onverhoeds op die ander volg, dui op 'n mate van impulsiwiteit by die aanval op die oorledene.

Ondanks die betrokkenheid van die drie

/177

177

beskuldigdes by die gebeure vooraf, is daar, soos reeds gesê, nie bewys dat 'n komplot vooraf gesmee was om die oorledene te vermoor nie. Wát wel waar is, is dat beskuldigde 10, nes die ander twee, 11 en 20, deel was van die groep wat na die moord op die oorledene by sy huis verbygeloop het en gejuig "Hey, hey, die hond isdood." Daarvan kán die afleiding gemaak word, soos ook van sy erkenning in bewysstuk TT, dat hy vooraf probeer het om in die oorledene se huis in te gaan, asook van die bevinding dat hy deelgeneem het aan die klipgooiery, en van die feit dat hy die oorledene kort daarna agtervolg en neergevel het, dat beskuldigde 10 deel was van die kliek klipgooiers wat op daardietyd stip kwaadwillige bedoelings teen die oorledene gekoester het. Volgens die appellant se advokaat was daar wel so 'n "murderous faction". Mev. Sethwala se getuienis, soos reeds gesê, het laat blyk dat nie almal

/178178 in die skare daardie oogmerk gedeel het nie. Die drie beskuldigdes val egter wel onder daardie groep. Hul bedoeling was moorddadig. Namens die verdediging het dr. Raath 'n psigososiale persoonlikheidsprofiel oor elke beskuldigde voorberei. Die juistheid van die onderskeie profiele is vir doeleindes van vonnisoplegging deur sowel die Staat as die verhoorhof aanvaar.

Ten tyde van die voorval was beskuldigde 10

24 jaar oud. Pas voor die voorval het hy na Paballeloteruggekeer van sy omswerwinge elders in die land. Hy het, soos reeds gesê, tydens die gebeure self 'n

leidende rol gespeel. In sy verklaring, bewysstuk TT, meld hy die verskillende insidente waarby hy betrokke was, in die besonder dat hy gehoor het dat die oorledene 'n kind geskiet het.

"Ek het toe probeer om in die vierkant agter Jetta se huis in te gaan, nog voordat ek daar

...../179

179

kon ingaan, het ek gesien dat Jetta langs die saal hardloop, ek het hom ingehaai en neergegooi en toe met sy gewêre hom 'n hou oor die skouer geslaan, my maats was toe by my, sommiges het hom gegooi en ander het hom gesteek." Die skiet van die kind noem hy ook aan dr. Raath.

Klaarblyklik het dit op hom diep indruk gemaak en kan

dit, volgens dr. Raath, selfs in die afwesigheid van pertinente getuïenis daaroor deur beskuldigde 10 self, nie as een van die moontlike determinante vir sy optrede uitgeskakel word nie. Dat hy emosioneel hoog aangedaan was, blyk ook uit die geweld waarmee hy die oorledene toegetakel het, so erg dat die kolf van die geweer gebreek het en die oorledene volgens een van die mediese getuies feitlik oombliklik dood is. Volgens dr. Raath het beskuldigde 10 een vorige veroordeling vir bedrog toe hy nog 'n jeugdige was. Dr Raath beskryf hom "as iemand met 'n bo gemiddelde

/180

180

intellektuele potensiaal wat hy op kognitiewe sowel as psigososiale vlak maksimaal benut" - 'n man met 'n sterk persoonlikheid en goeie leierspotensiaal. Polities was hy aktief. Hy het reeds vier matriekvakke geslaag en het opleiding as 'n verpleër ontvang. Sy ideaal was om uiteindelik 'n mediese dokter te word, iets wat, in die lig van sy gebroke skoolopleiding, dalk 'n rapsambisieus mag wees. In die lig van die bogaande analise van dr. Raath is dit duidelik dat beskuldigde 10 by uitstek rehabiliteerbaar is. Word die oogmerke van straf daarby in ag geneem, meen ons nie dat die doodvonnis, alles in ag genome, in sy geval noodwendig die gepaste vonnis is nie.

Beskuldigde 11 is volgens dr. Raath nie van dieselfde stoffasie as beskuldigde 10 nie. Hy was 27 jaar oud ten tyde van die voorval, het op akademiese

/181

/

181

gebied bra gemiddeld presteer, en het twee vorige veroordelings vir aanranding waarvoor hy skynbaar as 'n jeugdige behandel is aangesien hy in albei gevalle houe ontvang het. Soos reeds gesê, het hy voor die tyd 'n leidende rol gespeel, was hy betrokke by die klipgooiery soek die agtervolging van die oorledene

waar hy die oorledene, na beskuldigde 10 se aanval, 'n aantal steekwonde toegedien en verder aangerand het, en was hy ook een van die groep wat hom na die tyd in die oorledene se dood verlustig het. Ook hy kan dus beskou word as een van die "murderous faction". Ofskoon hy, anders as beskuldigde 10, waarskynlik nie die dood van die oorledene veroorsaakhet nie, was dit 'n blote toevalligheid en kan sy deelname aan die moord, as 'n kwessie van straftoemeting, nie as minderwaardig beskou word nie. Wat wel waar is, is dat die invloede wat op beskuldigde 10 ingewerk het, ook by hom 'n rol moes gespeel het.

/182182 Ook kan daar nie gesê word dat daar vir hom geen vooruitsigte op rehabilitasie is nie. Ook in sy geval meen ons dus nie dat die doodvonnis gebiedend noodsaaklik is nie. Beskuldigde 20 is in die loop van die verhoor vir observasie verwys, maar die eenparige bevinding vandie paneel van psigiaters was dat hy niegeestesongesteld of -gebrekig was nie. Volgens dr. Raath beskik hy oor beperkte intellektuele potensiaale het dit geblyk dat hy "sy omgewing manipuleer deurmiddel van aggressie." Dan weer,

"... 'n mens het hier te make met 'n intens eksplosiewe persoonlikheid wat humeuruitbarstings kry by die geringste provokasie. Sonder enige twyfel kan hy emosioneel as 'n intense labiele persoon bestempel word. Hierdie labiliteit het telkens na vore gekom. Die enigste doeltreffende wyse waarop hy homself kan laat geld in verhoudings is waarskynlik deur

/183

183

middel van aggressiwiteit." Volgens dr. Raath

"is dit baie duidelik dat die beskuldigde in 'n atmosfeer van emosionele opwelling, soos wat geheers het tydens die voorval, en daarvoor, uiters sensitief sou wees vir aspekte soos die algemene sielkundige opwellingsklimaat wat geheers het. Sy lae waarde en normsisteem sou eweneens min of geen weerstand kon bied teen die meedoen van groeps geweld nie aangesien dit ook inpas by 'n tendens om doelwitte en probleemsituasies met behulp van fisiese manoeuvres te hanteer". Soos beskuldigdes 10 en 11 was hy ook deel

van die moorddadige faksie wat klippe na die oorledene se huis gegooi het. Die verhoorhof was waarskynlik regom te sê dat daar in sy geval 'n sterk moontlikheid van politieke antagonisme jeens persone in die oorledene se posisie was en dat sy betreklike jeugdigheid (hy wassen tyde van die voorval net oor die 21 jaar oud) nieas sodanig 'n versagende omstandigheid was nie. Maar

/184

184

na dit alles gesê is, bly dit 'n aanvaarbare moontlikheid dat hy, gesien sy persoonlikheidsamestelling, deur die emosies van die oomblik meegesleur is. Ook hy het geen vorige veroordelings nie. Ons meen dus dat ook hy nie die doodvonnis verdien nie. Dit laat die vraag watter vonnis in plaas van die doodvonnis opgelê moet word. 'n Langdurige termyn van gevangenisstraf lê voor die hand. Die verskille in agtergrond en temperament wat daar tussen die drie beskuldigdes bestaan, word weer deur ander faktore, vernameklik die wreedheid van hul misdaad, geneutraliseer. Na ons mening is daar onvoldoende redeom tussen die drie van hulle te onderskei: 'n vonnis van 15 jaar gevangenisstraf is in elke geval aangewese. Volgens 'n skedule wat deur die twee spanne advokate aan hierdie hof voorgelê is, was beskuldigdes

..../185

185 10 en 20 tot hede altesaam vir 5 jaar en beskuldigde 11 vir 3 jaar reeds in aanhouding. Daarmee moet rekening gehou word. (Vgl. S v Mgedezi and Others 1989 (1) SA 687 (A) op 716F-717B; S v Motaung and Others [1990] ZASCA 75; 1990 (4) SA 485 (A) op 528A-B) Die vonnisse wat aldus deur hierdie hof in die plek van die doodvonnisse opgelê

word, is, met die nodige aanpassings, soos volg:

Beskuldigde 10: 10 jaar gevangenisstraf; Beskuldigde 11: 12 jaar gevangenisstraf;

Beskuldigde 20: 10 jaar gevangenisstraf. Beskuldigde 9

Aan beskuldigde 9 is verlof verleen om teen sy vonnis van 8 jaar gevangenisstraf vir die moord op die oorledene té appelleer. Die verhoorhof het bevind dat beskuldigde 9 ten tyde van die voorval 'n

tienderjarige en 'n probleemkind was wat nog nie emosionele volwassenheid bereik het nie, wat maklik

/186186 beïnvloedbaar was en wat die misdaad nie uit inherente boosheid gepleeg het nie.

Vandaar die bevinding dat versagtende omstandighede aanwesig was, 'n bevinding wat ook in die vonnis gereflekteer is. Ook hy het geen vorige veroordelings nie.

Daar is betoog dat die hof hom tot die

verrigting van gemeenskapsdiens moes gevonnissen het. Na ons mening sou so 'n vonnis, gesien die erns van die misdaad, geheel en al ontoereikend gewees het. Die verhoorhof het geen mistasting begaan en die opgelegde vonnis is ook nie skreiend onvanpas nie. Sy appèl moet misluk. Dit bring ons dan by die groep beskuldigdes

wie se skuldigbevindinge aan moord omskep is in skuldigbevindinge aan openbare geweld. Dat dit 'n ernstige vorm van openbare geweld was, lei geen twyfel nie. Die oorledene se ma se huis

/187

187 is beskadig. Vensters is gebreek. Bloeddorstige kreteis geuiter. Die inwoners het paniekbevange vir hullewens gevrees, en nie sonder rede nie. Al was die aanval oënskynlik teen die oorledene gemik, het almal van hulle daaronder gely. Minstens 'n seksie van dieskare het die uitgesproke bedoeling gehad om die

oorledene by te kom en leed aan te doen wat tot sy dood

kon lei. Vir dié dinge kan mens jou oë nie sluit nie. Dit is relevante faktore ook by die oplegging van

vonnis vir openbare geweld.

In *S v Maseko* 1988 (4) SA 1 (A) verklaar

HEFER AR, op 4B,

"Ek is dit ook met die landdros eens dat

die appellant se optrede nie in isolasie beskou moet word vir doeleindes van strafoplegging nie maar teen die agtergrond van die omstandighede wat destyds geheers het." Voorts beklemtoon die hof, op 4I-5B, dat openbare

/188188 geweld, gedagtig aan die openbare belang, streng optrede van die howe verg - maar dat dit steeds nodig

is

"om die delikate balans tussen die belange van die gemeenskap, enersyds, en die belange van die beskuldigde, andersyds, nie uit die oog te verloor by vonnisoplegging nie. By hierdie soort oortreding kom die belange van die gemeenskap natuurlik sterk na vore en, waar die howe medeverantwoordelik is vir die handhawing van die goeie orde in belang van die gemeenskap, bestaan daar 'n sterk moontlikheid dat die belange van die beskuldigde, bewustelik of andersins, tot ongeregverdigde mate op die agtergrond geskuif mag word. Diegene wat gemoeid is met die regspleging behoort steeds bewus te wees van hierdie moontlikheid en' voortdurend

daarteen te waak." 'n Vonnis van 5 jaar gevangenisstraf is op appèl

verminder deur die helfte daarvan op gepastevoorwaardes op te skort.

Dieselfde gedagtegang is ook in *S v Quandu* en

/189

189

Andere 1989 (1) SA 517 (A) uitgespreek. Aldus verklaar

HOEXTER AR op 522D,

"Dat by vonnisoplegging in die geval van ernstige misdade soos openbare geweld die belange van die gemeenskap sterk na vore tree, behoef geen argument; en in 'n bepaalde geval kan dit ook meebring dat die persoonlike omstandighede van die veroordeelde in 'n mate voor die gemeenskapsbelang moet wyk. In hierdie verband moet twee sake egter nie uit die oog verloor word nie. Eerstens is dit vanselfsprekend so dat by skuldigbevinding aan enige ernstige misdryf - wat ook al die aard daarvan - kennis van die veroordeelde se persoonlike omstandighede vir die straftoematingsfunksie onmisbaar is. Ten tweede moet deurentyd gewaak word teenoorbeklemtoning van die gemeenskapsbelang ten koste van die veroordeelde se persoonlike omstandighede." In daardie geval, waar die feite ook 'n mate van

ooreenkoms met die feite van die huidige geval getoonhet, is die eerste appellant, die belhamel, se vonnis

/190

190

van 7 jaar gevangenisstraf (waarvan 2 jaar voorwaardelik opgeskort was), verminder tot 5 jaar gevangenisstraf, waarvan 2 jaar opgeskort is. Ons gaan nou oor tot 'n bespreking van die individuele gevalle. Beskuldigde 1 Beskuldigde 1 is ter dood veroordeel. Met die tersydestelling van sy skuldigbevinding verval ook die vonnis en moet sy vonnis op 'n skuldigbevinding van openbare geweld opnuut beoordeel word. Hy was 'n man van aansien in sy gemeenskap, 29 jaar oud, 'n leiersfiguur, trouens die eerste burgemeester van Paballelo; indertyd in diens van die stadsraad, en 'n kollega van die oorledene. Volgens dr. Raath is hy intelligent. Hy het reeds matriek geslaag. As sodanig het hy as 'n voorbeeld vir ander gedien. Hy moes beter geweet het as om aan die barbaarse optrede

/191

191 mee te doen om die oorledene se huis met klippe te bestook. Die oorledene was met rede verbitterd toe hy beskuldigde 1 onder die skare aanvallers gewaar het. Met sy insig kon beskuldigde 1 nie anders as om te besef het wat die moontlike uiteinde van die aanval kon wees nie. Hy verdien 'n swaar straf. Bloot aan die

hand van die misdaad self geoordeel, sou 'n vonnis van 5 jaar gevangenisstraf nie onvanpas gewees het nie. Maar met inagneming van beskuldigde 1 se onbesproke rekord en sy potensiaal as landsburger, sou die verhoorhof stellig 'n deel van die vonnis, sê 2 jaar daarvan, opgeskort het - 'n effektiewe vonnis van gevangenisstraf van 3 jaar sou dus gerade wees. Maar nou het beskuldigde 1 reeds met tussenposes meer as 3 jaar in aanhouding deurgebring, 'n deel daarvan onder die doodvonnis, met al die angs en stremming wat so 'n vonnis noodwendig vir enigiemand van sensitiwiteit

...../192

192

inhou. Daarbenewens is sy hele lewe en sy loopbaan deur die langdurige verhoor ontwig, ook gedurende die tydperk wat hy nie in aanhouding was nie. Wat vir hom geld, geld eweseer vir sy mede-beskuldigdes. Enige vonnis wat nou deur hierdie hof opgelê word, moet daarmee rekening hou. Beskuldigde 1 het reeds meer as die gekontempleerde effektiewe deel van die aangewese vonnis uitgedien. Word die nodige aanpassing dienooreenkomstig gemaak, beteken dit dat hy gevonniss moet word tot 2 jaar gevangenisstraf wat dan in die geheel opgeskort word. Beskuldigde 2 Ook hy is ter dood veroordeel. Destyds was hy 26 jaar oud, 'n minder prominente en belowende figuur as beskuldigde 1 en sy aandeel aan die klipgooiery was ook geringer. Soos beskuldigde 1, het hy geen vorige veroordelings nie, het hy matriek geslaag en het hy met

/193

193

tussenposes reeds 3 jaar in aanhouding verkeer. Ook in sy geval sou dit gedeug het indien die verhoorhof by 'n skuldigbevinding aan openbare geweld 'n deel van sy vonnis opgeskort het. Die vonnis wat ons in gedagte het, is 4 jaar gevangenisstraf, wat, gesien die tydperk wat hy reeds in aanhouding deurgebring het, verminderword tot 1 jaar gevangenisstraf wat dan in sy geheel opgeskort word. Beskuldigde 3 In beskuldigde 3 se geval het die verhoorhof versagtende omstandighede bevind en hom weens die moordop die oorledene tot 6 jaar gevangenisstraf gevonniss.

Met die tersydestelling van sy skuldigbevinding aanmoord verval ook die vonnis. Oor hom het die verhoorhof tydens vonnisoplegging soos volg gesê:

"Beskuldigde nr 3 het slegs std. 3 op skool behaal en het klaarblyklik lae intellektuele vermoëns. Sy sosio-kulturele agtergrond is

...../194194

baie gebrekkig en hy benader sy omgewing op konkrete infantiele wyse. Hy was baie vatbaar vir omgewingsinvloede en het waarskynlik impulsief opgetree. Hy was 24 ten tyde van die voorval. Hy het gereeld gewerk. Hy het twee vorige veroordelings vir besit van dagga en diefstal wat nie ter sake is in die huidige saak nie." 'n Vonnis van 3 jaar gevangenisstraf sou onses insiens

in sy geval van pas gewees het. Maar omdat hy reeds

bykans 2 jaar in aanhouding was, behoort dit verminderde word tot 1 jaar gevangenisstraf. Alhoewel hy niedieselfde belofte as beskuldigde 1 toon nie, sou dit

tog sin gehad het vir die verhoorhof om 'n deel van die

vonniss op te skort. Dit raak die geheel van die

restant daarvan. Sy effektiewe beoogde vonnis is dus reeds uitgedien. Beskuldigde 4

Beskuldigde 4 is deur die verhoorhof ter dood veroordeel. Die skuldigbevinding verval en so ook die

..../195195

vonnisi Hy was ten tyde van die voorval 21 jaar oud, sonder enige vorige veroordelings. Aan die ander kant het hy 'n meer prominente rol in die klipgooiery gespeel as sommige van die ander beskuldigdes - tydens die klipgooiery na sowel die Casspir te Kingstraat as na die oorledene se huis. Nes beskuldigde 1 was hy langer

as 3 jaar in aanhouding, onder dieselfde neerdrukkende omstandighede. Sy geval is origens ook vergelykbaar met dié van beskuldigde 1 en hy verdien dieselfde uiteindelijke vonnis, te wete, 5 jaar gevangenisstraf, wat afgeskaal word na 2 jaar, wat in die geheel opgeskort word. Beskuldigde 5 Ook beskuldigde 5 is deur die verhoorhof ter dood veroordeel. Die skuldigbevinding en vonnis verval nou. Hy was 'n klipgooier, toe 25 jaar oud. Hy het geen vorige veroordelings nie, is volgens dr. Raath bo-

/196

196

gemiddeld intelligent, het matriek geslaag en hou belofte vir die toekoms in. Voorts is hy reeds vir langer as 3 jaar met tussenposes in aanhouding. 'n Vonnis van 4 jaar gevangenisstraf wat na 1 jaar afgeskaal word en wat in die geheel opgeskort word, is na ons mening, ooreenkomstig die gedagtegang reeds vermeld, in sy geval aangewese. Beskuldigde 6

Aan hom is die doodvonnis opgelê. Die vonnis moet tersyde gestel word, volgende op die tersydestelling van die skuldigbevinding. Hy was 28 jaar oud. Wat ten opsigte van beskuldigde 2 gesê is, geld grotendeels ook vir beskuldigde 6, ofskoon hy

skolasties minder goed gevaar het. Ook in sy geval sou 'n vonnis van 4 jaar gevangenisstraf, afgeskaal na 1 jaar, wat in die geheel opgeskort word, gepas wees. Beskuldigde 8

/197

197 Hy is ter dood veroordeel. Die vonnis moet tersyde gestel word, na aanleiding van die tersydestelling van die skuldigbevinding. Hy is die ouer broer van beskuldigde 4 en was toe 25 jaar oud. Anders as beskuldigdes 5 en 6 het beskuldigde 8 'n vorige veroordeling vir verkragting waarvoor hy houe

asook 'n opgeskorte vonnis ontvang het. Origens is sy geval vergelykbaar met dié van beskuldigdes 2 en 6 en verdien hy dieselfde vonnis, te wete 4 jaar gevangenisstraf, afgeskaal na 1 jaar (vanweë die 3 jaar wat hy reeds in aanhouding verkeer het), wat in die geheel opgeskort word. Beskuldigde 12 In sy geval is versagende omstandighede wel bevind en is hy, soos beskuldigde 3, tot 6 jaar gevangenisstraf veroordeel. Van hom sê die verhoorhof, tydens vonnisoplegging:

/198

198

"Beskuldigde nr 12 was 19 tydens die voorval en het std. 6 geslaag. Hy het oor gemiddelde tot laag gemiddelde intellek beskik en was maklik beïnvloedbaar. Hy het 'n veroordeling vir diefstal wat nie ter sake is in die huidige saak nie." Hy het hom in die groep bevind, waaronder ook

beskuldigdes 13 en 15, wat na die moord op die

oorledene met klippe in hul hande by sy huis verbygestap hét. Dit openbaar sy gesindheid en tel teen hom. Hy was reeds bykans 2 jaar in aanhouding. Gesien sy jeugdigheid sou 'n gevangenisstraf van 4 jaar, afgeskaal na 2 jaar, wat in die geheel opgeskort word, na ons mening gepas wees. Beskuldigde 13 Die verhoorhof het hom ter dood veroordeel. Die vonnis, soos sy skuldigbevinding, moet tersyde gestel word. Hy was destyds 23 jaar oud en was deel van die groep wat na die tyd by die huis van die

/199

199 oorledene verbygeloop het. Volgens dr. Raath se verslag het hy nie 'n besondere voorbeeldige lewe gelei nie - hy het vorige veroordelings waarvoor hy as jeugdige lyfstraf opgelê is. Ook hy was reeds meer as 3 jaar in aanhouding. Soos in die geval van beskuldigde 1 meen ons dat gevangenisstraf van 5 jaar, afgeskaal na 2 jaar, wat in geheel opgeskort word, aangewese is. Beskuldigde 14 Hy is aan moord skuldig bevind, met versagtende omstandighede, en tot 6 jaar gevangenisstraf gevonnissen wat in die geheel opgeskort

is. Oor hom het die verhoorhof gesê:

"Ons maak die volgende bevindings:

1. Hy is gebore op 4.4.1966 en was dus 19 tydens die voorval, dus 'n tienerjarige.
2. Hy was nog h.skolier op daardie tydstip en onvolwasse.
3. Daar is die moontlikheid dat hy deur No.

/200

200

10 beïnvloed is. Hy sou weens sy persoonlikheidsamestelling moeilik 'n keuse kon maak tussen 'comrades' en 'impimpi's'. 4. Die misdaad is nie uit inherente boosheid gepleeg nie." Die vonnis wat hom opgelê is, is op die volgende

voorwaardes opgeskort:

"Ses (6) jaar gevangenisstraf, wat in die geheel opgeskort word vir vyf (5) jaar op die volgende voorwaardes:

- (a) dat die beskuldigde nie skuldig bevind word nie aan:

- (i) 'n misdaad waarvan geweld teenoor die persoon van 'n ander 'n element is; of (ii) openbare geweld; of (iii) opsetlike saakbeskadiging; of (iv) brandstigting wat gepleeg is gedurende die periode van opskorting en waarvoor hy gevonnissen word tot onopgeskorte gevangenisstraf van meer as drie (3) maande sonder 'n boetekeuse; en
- (b) dat die beskuldigde 1200 (eenduisend tweehonderd) uur gemeenskapsdiens sonder vergoeding moet lewer binne die bestek van 40 (veertig) maande met 'n minimum van 30

/201

201

(dertig) uur per maand en op die volgende voorwaardes"

en dan volg 'n aantal voorskrifte wat meestal op sy toesig tydens die periode van gemeenskapsdiens betrekking het.

Met die oplegging van gemeenskapsdiens is

daar in beginsel geen fout te vind nie; maar dit sou tog anomalies wees indien beskuldigde 14 (en van die ander beskuldigdes wat dergelike vonnisse ontvang het), en wie se gevalle tereg deur die verhoorhof in 'n minder ernstige lig beskou is, met hul gemeenskapsdiens moet voortgaan terwyl die vonnisse van die ander beskuldigdes, wat swaarder deur die verhoorhof gestraf

is en wat nie vir gemeenskapsdiens geskik geag is nie, volkome opgeskort word. Beskuldigde 14 het geen vorige veroordelings nie en om sy geval met die ander vonnisse in lyn te bring, meen ons dat sy vonnis volkome

/202

202

opgeskort moet word sonder verwysing na enige verdere gemeenskapsdiens. Dit beteken dat beskuldigde 14 geen verdere gemeenskapsdiens sal hoef te verrig nie. Met inagneming van die gemeenskapsdiens wat hy wel reeds verrig het, sou 'n gepaste vonnis na ons mening 1 jaar gevangenisstraf wees wat in sy geheel opgeskort word. Beskuldigde 15: Hy is skuldig bevind aan moord en ter dood veroordeel. Sowel die skuldigbevinding as die vonnis verval nou. Hy was destyds 20 jaar oud, was soos 'n kind aan huis van die Sethwala's en was met die

oorledene bevriend. Na die gebeure het hy saam met beskuldigdes 12 en 13 by hul huis verbygestap met 'n klip in die hand. Dit spreek van sy gesindheid. Hy het twee vorige veroordelings, in beide gevalle vir geringe aanrandings, waarvoor hy lyfstraf en 'n boete

/203

203

opgelê is. Hy was meer as 3 jaar lank in aanhouding. In sy geval, soos in die geval van beskuldigde 1y sou 5 jaar gevangenisstraf gepas wees, wat na 2 jaar afgeskaal word wat weer in geheel opgeskort word. Beskuldigde 17

Sy is skuldig bevind aan moord met versagting

en 6 jaar gevangenisstraf opgelê wat volkome opgeskort is. Van haar het die verhoorhof gesê:

"Ons bevind:

1. Dat sy 18 jaar oud was toe die misdaad gepleeg is.
2. Dat sy destyds nog 'n skolier was en relatief onvolwasse. Sy was selfs toe Dr. Raath die onderhoud met haar gevoer het, nog relatief onvolwasse met beperkte ervaring.
3. Dat die misdaad nie uit inherente boosheid gepleeg is nie." Soos in die geval van beskuldigde 14 was dit

'n voorwaarde van opskorting dat sy vir 'n aansienlike tyd gemeenskapsdiens verrig. Wat ten opsigte van

...../204

204

beskuldigde 14 gesê is, geld ook vir haar. 'n Dergelike vonnis is aangewese, naamlik 1 jaar gevangenisstraf wat in sy geheel opgeskort word.

Beskuldigde 18

Sy is ter dood veroordeel. Omdat haar

skuldigbevinding verval, moet haar vonnis ingelyksverval. Sy was 'n relatief bejaarde vrou, gebore omstreeks 1935. Die insident waartydens sy in 'n woordewisseling met die oorledene betrokke was toe syen beskuldigde 19 die oorledene se erf ingestap het, isvroeër in hierdie uitspraak reeds beskryf. Dit is toedat sy vir hom gesê het, "Ons sal jou wys" en,

"Amandla, ons het die krag". Agterna, nadat die oorledene verbrand is, het sy by die oorledene se huisverbygeloop en gejuig,

"Daar lê die hond vrek en brand"; "Hoekom help sy ma hom nie meer nie?"; en,

/205

205

"Hoekom help sy wit hondbroers hom nie meer nie?" Dit weerspieël alles haar gemoedstoestand en houding

jeens die oorledene wat noodwendig haar vroeere optredetydens die klipgooiery moes beïnvloed het. Dit is relevant by die oorweging van 'n vonnis vir openbare geweld. Aan die ander kant het sy geen vorige veroordelings nie, en was sy reeds vir 3 jaar in aanhouding. Na ons mening sou 'n vonnis van 5 jaargevangenisstraf aangewese wees wat, in die lig van dietydperk wat sy reeds in aanhouding was, na 2 jaargevangenisstraf afgeskaal moet word en wat op sy beurt, gesien haar ouderdom en skoon rekord, in sy geheel opgeskort moet word. Beskuldigde 19 Ook hy is, soos sy eggenote (beskuldigde 18), skuldig bevind aan moord en die doodvonnis opgelê. Omdat die skuldigbevinding tersyde gestel word, kan die

/206

206

vonnis nie staande bly nie. Hy het hom klaarblyklik met beskuldigde 18 vereenselwig. Ten opsigte van die gebeure na die tyd was hy egter meer passief as sy. Hy was, ten tyde van die gebeure, reeds betreklik bejaard, 57 jaar oud, sonder enige vorige veroordelings, en met

'n voortreflike werkrekord.

'n Vonnis van 4 jaar gevangenisstraf, afgeskaal na 1 jaar vanweë die tydperk wat hy reeds in aanhouding was, en wat in die geheel opgeskort word, sou na ons mening in sy geval voldoende wees. Beskuldigde 21 Hy is ter dood veroordeel, wat nie staande kan bly nie omdat sy skuldigbevinding aan moord tersyde gestel word. Wat teen hom tel, is dat beskuldigde 21 voorheen 'n polisieman was en trouens 'n goeie vriend van die oorledene. Hy het wel vorige veroordelings, een waarvan hom sy betrekking in die Suid-Afrikaanse

/207

207

Polisie gekos het, maar wat vir huidige doeleindes nuut relevant is nie. Hy was indertyd 23 jaar oud en is reeds vir 3 jaar aangehou. Volgens dr. Raath het die kwaliteit van sy lewe kort voor en na sy ontslag 'n noemenswaardige insinking getoon. Ofskoon hy oor bo-gemiddelde intellektuele potensiaal beskik, het hy bykans 'n soort swerwersbestaan begin voer. 'n Vonnis van 5 jaar gevangenisstraf wat na 2 jaar afgeskaal word, is hier aangewese. Soos in die geval van beskuldigde 1 bestaan daar goeie gronde om die geheel daarvan op te skort. Beskuldigde 22

Hy is skuldig bevind aan moord met

versagtende omstandighede en tot 6 jaar gevangenisstrafgevonnis. Oor hom het die verhoorhof gesê:

"Die Staat het egter toegegee dat in sy geval daar versagtende omstandighede bewys is. Die betoog is sos volg:

/208

208

Die beskuldigde was 21 tydens die voorval. Hy is 'n persoon met lae gemiddelde intellektuele vermoëns wat op basiese behoeftebevrediging ingestel is. Hierdie faktor moet saam met sy hoë angsvlak gesien word wat sy funksioneringsvlak ernstig strem. Dit het waarskynlik sy gemoed en geestestoestand die Woensdag beïnvloed. Ons is bereid, alhoewel nie sonder huiwering

nie, om hierdie toewysing te aanvaar en bevind derhalwe dat hy skuldig is aan moord met versagende omstandighede." Hy het volgens dr. Raath een vorige veroordeling vir

winkeldiefstal waarvoor hy lyfstraf ontvang het. Hy was 3 jaar lank in aanhouding. 'n Tydperk van 4 jaargevangenisstraf is gepas, afgeskaal na 1 jaar, wat insy geheel opgeskort word. Beskuldigde 23

Ook hy is, nes beskuldigde 22, skuldig bevind

aan moord met versagende omstandighede en tot 6 jaar

gevangenisstraf gevonniss. Van hom sê die verhoorhof:

/209

209

"Ons bevind: 4.1 Dat die beskuldigde tydens die voorval 19 jaar oud was - dus 'n tienerjarige; 4.2 Dat in Dr Raath se profiel van hom daar steun is vir emosionele onvolwassenheid; 4.3 Hy het nie 'n verantwoordelike ontwikkeling nie en beskik oor lae intellektuele vermoëns. Hy het 'n baie lae frustrasie- toleransiedrempel en is ontoereikend as persoon; 4.4 Die misdaad is nie uit inherente boosheid gepleeg nie."

Ook hy was vir 3 jaar in aanhouding. 'n Vonnis van 4jaar gevangenisstraf sou toereikend wees, wat na 1 jaar afgeskaal word, wat in sy geheel opgeskort word. Beskuldigde 25 Hy is skuldig bevind aan moord met versagende omstandighede en gevonniss tot 6 jaar gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort is, onder meer op grond daarvan dat hy gemeenskapsdiens moet verrig. Van hom sê die verhoorhof:

/210

210

"4.1 Die beskuldigde was 17 toe die misdaad gepleeg is. 4.2 Hy was nog 'n skoolkind en emosioneel onvolwasse. 4.3 Hy was waarskynlik baie vatbaar vir beïnvloeding. 4.4 Die misdaad is nie uit inherente boosheid gepleeg nie."

In sy geval, soos in die geval van beskuldigde 14 en 17, sou 'n vonnis van 1 jaar gevangenisstraf wat volkome opgeskort word, gepas wees. Dit beteken dat hy nie verdere gemeenskapsdiens hoef te verrig nie. Die volgende bevel word derhalwe gemaak: 1. Die appèl van elk van beskuldigdes 16, 24 en 26 teen sy/haar skuldigbevinding slaag. Elkeense skuldigbevinding en vonnis word gevolglik tersyde gestel. 2. Die appèl van elk van beskuldigdes 11 en 20 teen sy skuldigbevinding aan moord word afgewys.

3. Die appèl van elk van beskuldigdes 10,

/211

211 11 en 20 teen die doodvonnis wat opgelê is, slaag. Die doodvonnis word tersyde gestel en in plaas daarvan word beskuldigdes 10 en 20 elk tot 10 jaar gevangenisstraf, en beskuldigde 11 tot 12 jaar gevangenisstraf gevonnis.

4. Die appèl van elk van beskuldigdes 1, 2,

3, 4, 5, 6, 8, 12, 13, 14, 15, 17, 18, 19, 21, 22, 23 en 25 teen sy/haar skuldigbevinding aan moord slaag. Sodanige skuldigbevinding word in elke geval tersyde gestel en vervang met 'n skuldigbevinding aan openbare geweld. 5. Die vonnis van elk van beskuldigdes 1, 4, 12, 13, 15, 18 en 21 word gewysig om te lui: "2 jaar gevangenisstraf wat in sy geheel vir 5 jaar opgeskoot word op voorwaarde dat die beskuldigde nie aan openbare geweld skuldig bevind word wat gedurende die tydperk van opskorting gepleeg is nie."

/212

212

6. Die vonnis van beskuldigdes 2, 3, 5, 6, 8, 14, 17, 19, 22, 23 en 25 word gewysig om te lui: "1 jaar gevangenisstraf wat in sy geheel vir 5 jaar opgeskort word op voorwaarde dat die beskuldigde nie aan openbare geweld skuldig bevind word wat gedurende die tydperk van opskorting gepleeg is nie." 7. Die appèl van beskuldigde 9 teen syvonnis word van die hand gewys.

E M GROSSKOPF AR

SMALBERGER AR NIENABER AR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1991/70.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-khumalo-unknown-topic-asca-1991>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria